Figuur 3 is 'n korrelasie grafiek tussen mikron en vaggewig. In die figuur kan gesien word dat die korrelasie 1.3% is (R2), dit is baie klein. Dit wys daar is diere wat jou optimale mikron kan hê met optimale vaggewig. Elke plaas het 'n "power quarter"

wanneer dit by mikron en vaggewig kom. In Figuur 3 is die groep 1 ooie in die voorbeeld die fyner ooie met baie wol en die passasiers in die grafiek is die ooie met min wol en nie-optimale mikron wat groep 4 in die figuur is.



Figuur 3: Korrelasie tussen vaggewig en mikron.

Wat belangrik is, is om nog steeds die visuele klassering te doen, dit help nie die top data ooi het kote of hakke nie. Die strewe is na 'n ekonomiese funksionele ooi!

So met watter tipe ooi wil jy boer? Bepaal wat jy het, besluit waarna toe jy wil gaan en gebruik inligting tesame met visuele klassering om jou vervangings diere te kies wat aan jou teel doelwitte voldoen en waarna jy strewe.

Hannelet Jordaan
 BKB Veekundige en klientvee data analis
 Decision Support Services van BKB (DSS)
 060 500 8190, hannelet.jordaan@bkb.co.za

Dankie vir elke klient se ondersteuning deur die jaar

BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou



HEUNINGKFRANS M E R I N O ' S

Sedert 1927

Eddie Prinsloo - 083 279 2677

| Eduard Prinsloo - 071 437 6529

VEILINGDATUMS: 23 FEBRUARIE 2023 | 7 SEPTEMBER 2023

Merino potensiaal styg uit!

Om die potensiaal van skaapboerdery te ontsluit moet die produsent sy sensitiwiteits faktore kan identifiseer en daarvolgens die beste besluite neem. Tipiese sensitiwiteite vir 'n skaap produsent is: drakrag, veldbestuur, reproduksie, bemarkingstrategieë, oorwintering, winter-weidings, uitbreidings, intensifisering en volhoubaarheid, ens.

'n Prosusent moet seker maak dat hy sy boerdery risikoprofiel verstaan en besluite kan bestuur. Soms forseer verkeerde besluite of uitsonderlike omstandighede egter 'n produsent om noodgedwonge met 'n hoër risikoprofiel te boer. Skuldverhoudings moet nie die rede wees wat 'n produsent forseer om met 'n hoër risikoprofiel te boer nie. Om die saak te vererger het inset koste ook geweldig gestyg en hierdie tendens gaan nie gou normaliseer nie. Hoe kan 'n skaapboerdery in hierdie ekonomiese omgewing oorleef?

Wisselende kommoditeitspryze plaas groter druk op marges en bepaal die aard en omvang van produksiestelsels om winste te verhoog. Hiermee saam moet die genetiese samestelling en produktiwiteit van die kudde hierby aanpas.

Nieteenstaande is die meeste produsente minder koste sensitief as inkomste sensitief/skuld sensitief. Dit maak 'n "wrede" besigheid, aangesien inkomste, skuld moet betaal. Dit is gewoonlik dan wanneer baie boere met nuwe vertakkings begin of onnodige onkoste aangaan op infrastruktuur en intensifikasie. Hier is dan altyd skool geld betaal en weereens is deurdagte besluitneming hier geweldig belangrik.

Doeltreffende produksie norme bv. diere bemerk per ooi gepaar in die kudde en Kg wol geproduseer per hektaar is die belangrikste. Mik na 'n bemerkings persentasie van 110 % en hoër per ooi gepaar. Hoë doeltreffendheid is die enigste "tool" om te oorleef in hierdie ekonomiese klimaat. Presisie boerdery is ewe eens belangrik en faktore soos voer, veeartseny, identifikasie/rekordhouding en bemerkings moet presies uitgevoer word. Produsente moet 'n "Back to Basics" benadering hê waar eenvoudiger, maar presiese stelsels gevolg word en daarvandaan af matig intensifiseer. Om intensief te boer plaas nog meer druk op presisie en bestuur. Intensief maar nie nog meer presies nie is 'n doodloop straat Die "Bottom line" is die koste verhouding (koste as % van inkomste: norm 50 tot 65 %) moet verbeter.

Doeltreffende Merino-produsente in die Overberg se potensiaal en word konflikts so opgesom. So lyk die perfekte Merino ooi?

Die kudde het 5 ooi ouderdomsgroepe	
Speen %	128% (per ooi gepaar)
Bemarkings %	114% (alle diere bemerk/ooi gepaar)
Wol:Vleis	30:70
Wolproduksie	8.9 kg (Al die wol geproduseer/ooie in die kudde)
Speenmassa	30 kg
Bemarkingsmassa (lammers)	45 kg

'n Drie jaar gemiddeld van die boonste derde Merino produsente se syfers is gebruik in 'n beplannings model. Al die syfers is ook uitgedruk per teelooi in die kudde.

Tabel 1.

Finansiële Ontleding	2023
Ooie / hektaar weidings	2.8
INKOMSTE	/ Ooi
Wol Inkomste	965
Vleis inkomste	2284
Inkomste verhouding - Wol / Vleis	31 / 69
Totale waarde van produksie	3249
DIREKTE KOSTE	/ Ooi
Veeartseny	133
Voer gekoop en geproduseer	959
Skeer koste/pakmateriaal	77
Ramme/K I	28
Bemarking	41
Diverse	5
Totale Koste	1243
Bruto Marge / Ooi	2006

INDIREKTE KOSTE	/ Ooi
Veesuiplings	19
Omheining	28
Arbeid	141
Reperasies	32
Brandstof	71
Weidingskoste	249
Drinkwater	90
Baaltou	22
Rente	49
Totale Koste	701
Kosteverhouding	59.8 %
Netto Boerdery Inkomste / Ooi	1305

Tabel 2.

Kudde Samestelling	
(% KVEs)	
Ramme	3.2%
Ooie	51.9%
Jong Ooie	11.9%
Lammers	31.5%
Ander	1.5%
Produksie norme	
Wolproduksie	
Kg wolproduksie / ooi in die kudde	8.9
Prys / kg Rouwol	108.49
Vleis produksie	
Speen % / Ooie gepaar	1.28
Verkope – eenhede per ooi	1.14
Prys per kop geslag	1948

Tabel 1 toon die inkomstes en uitgawes aan. Uit die syfers is dit duidelik dat skaapboerdery meer sensitief is vir voer-, weidings-, arbeid- en veeartsenykoste. Die koste verhouding van kostesentrums is belangrik. Die norm vir voer is bv 18 tot 35 % van inkomste, onder 18 % is te min en bo 35 % neig te hoog. Elke koste sentrum het 'n norm. Die belangrikste koste verhouding is die totale koste as persentasie van inkomste. Die produsente se syfer is 59,8 %. Dit is ook so dat 'n versnelde teelstelsel en intensifikasie 'n aansienlike beter opbrengs lewer as die standaard 12 maande stelsel, maar daar is ook hoër kostes daaraan verbonde. Hoër opbrengste is nie noodwendig beter marges nie. Voervloei en bestuurskapasiteit speel hier natuurlik 'n groot rol alvorens 'n produsent kan besluit om sy stelsel te verander. Tabel 2 toon die produksie norme van hierdie produsente aan.

In die praktyk met bestudering van suksesvolle en volhoubare skaapboerdery, is bewys dat die boonste derde produsente die volgende in gemeen het:

Meer as een lamseisoen; 'n Korter teelperiode; Geen tweede kans vir ooie nie; Ooie word geskander en boere gebruik ook die "wet & dry" metode met speentyd; Die ouderdomsgroepe waarin ooie verdeel word, is beperk; Daar word 'n goeie gesondheidsprogram gevolg; Daar is 'n strategiese voerprogram (prikkel, lamtyd, kruip, afrond, jongooi); Lammers word vroeg gespeen (lammers kan bv. op 23kg of selfs minder gespeen word); 'n Stelsel in plek om jong ooie uit te groei; Ooie lam in kleiner troppies; Korter skeerperiodes (6 – 8 maande uitmekaar);

'n Mate van terminale kruisteling; Die produsent bemerk meestal sy lammers self; Optimale drakrag op veld/weiding met goeie veld/weidings bestuur

Solank 'n skaap produsent egter doeltreffend boer, is daar nie 'n regte antwoord nie! Die uitdaging is om beter te doen as die norme produksie gewys sowel as wins marges.

Boere moet seker maak dat hulle langtermyn en medium termyn skuld onder beheer is. Volhoubaarheid en ekonomie moet "match", maar is nie noodwendig in harmonie nie. Maak gebruik van tegniese aanbevelings en pasop vir te veel vertakkings. Bestuur is baie keer die beperkende faktor wanneer dit kom by skaapboerdery. Hou 'n oog oor die koste soos arbeid, herstelwerk en brandstof. Speenpersentasie maak nie vir jou geld nie, maar wel bemerkingspersentasie. Die gevolge van jou besluite moet jy kan bestuur. Die skaapboer se wapens is tegnologie en doeltreffendheid.

A J Fourie, Anker Agri Adviseurs, 082 497 0619

Fairworld

Home of Genetic Fine Wool

LET WEL:

**DONDERDAG, 16 FEBRUARIE 2023
11:00 MULBERRY GROVE CRADOCK**

AANBOD: 60 RAMME & 300 OOIE

ROETE:

Neem die N10 vanaf Cradock na Middelburg
vir 36.3km en draai links in op grondpad.
Volg BKB wegwysers



110 jaar se genetika

ACTON
0732578048

JACQUES
082 446 0780

Ons maak 'n draai by: Merkwaardige individue in die Merino-bedryf

Carin Venter

Merino SA het 'n draai gemaak by drie besonderse persone wat iets in gemeen het, naamlik hul liefde vir die Merino-skaap, en wat elk op sy eie unieke manier 'n bydrae tot die bedryf gemaak het.

Eenmaal 'n boer, altyd 'n boer

1 Op die foto is William Lückoff saam met sy beter helfte, Marena. Die twee het hul 50ste huwelikshedenking in 2022 gevier.

2 Jare gelede, het William se oupa, Archibald Lückoff, 'n Jersey-koei met skip vanaf die eiland Jersey ingevoer na Kaapstad se hawe, en daarvandaan is sy met 'n ossewa plaastoe geneem in die Murraysburg-distrik. Wanneer Archibald se Merino-wol die slag op 'n veiling aangebied is, het BKB hul deure gewoonlik vir die geleentheid gesluit sodat al hul werknemers die geleentheid kon gadeslaan.

William Lückoff is 'n oud Union High leerling van Graaff-Reinet, en tydens ons besoek by hom en sy vrou, Marena, is hy vol kwinkslae met opmerkings soos dié, "Die snaakste van die hele storie is dat die skool sou moes toegemaak het as 'n mens al die Afrikaanssprekende mense daaruit sou haal."

3 Ons vind meer uit van dié afgetrede boer se lewe en gesels oor goed van die verlede, soos dat sy oupa, Archibald Lückoff, destyds as 'n algemene handelaar-besigheid, Lückoff & Co., op Graaff-Reinet, oopgemaak het. William wys ook vir ons die yslike groot sleutel wat in die einste besigheid se deur gepas het. "My oupa het later van tyd met Merino's en beeste op Zuurplaats naby Murraysburg geboer," vertel hy verder. "Dit is die laaste plaas op die grens tussen die Oostelike- en Westelike provinsie. Toe hy die plaas oorgeneem het, was die veld glad nie geskik vir skape nie en dit het jare geneem om dit sodanig te verbeter dat daar grassoorte groei, soos *Themeda triandra*, of rooigras soos mense dit ken."

Toe Archibald oorlede is, moes sy seun, Alexis (William se pa) wat by die vloot wou aansluit, plaastoe gaan om die leisels oor te neem. Op 'n stadium het Alexis sy oom, Phillip Lückoff, se plaas (Vleiplaas) bestuur en later by hom gekoop. Hy het nog twee ander plase aangeskaf, naamlik Coetzeeskraal en Kwaggasdrif. Volgens William, het sy oupa en pa in hul leeftyd



1



2



3

ZUURPLAATS MERINO STOET
Geregistreerde Stoet Nummer 225
Gevestig 1904

BEKEND VIR LYWIGHEID, STAPELFORMASIE EN KARAKTER

Merino's met groot bouvorm en konstitusie wat die regte wol dra lewer maksimum opbrengste soos bv. toe 4277 skape 'n gemiddelde van 14,1 pond wol geskeer het, met 'n reëval van slegte 12,65 duim, op my Murraysburg K.P. plaas

4

KUDE EN UITGESOEKTE KUDDE RAMME R40, R50, R60, R80, R100
STOET RAMME OP AANVRAAG
BESIGTING WORD VERVELKOM

A. LUCKHOFF, ZUURPLAATS, POSBUS 7, GRAAFF-REINET K.P.

verskeie toekennings vir hul Merino-ramme gekry. Een daarvan was 'n klavier wat Archibald in 1921 vir een van sy Merino-ramme by die Queenstown-skou gewen het.

Toe Alexis op 43-jarige ouderdom oorlede is, moes William voortbou op sy nalatenskap op Zuurplaats. Hy is in 1972 met Marena getroud, 'n Afrikaanse nooi en oud-leerling van Volksskool op Graaff-Reinet wat nooit kon voorsien het dat sy met 'n Engelsman sou trou, of 'n boer se vrou sou word nie.

4 Oor Merino-teling en goeie wol in die bergagtige dele van die Karoo, sê William die volgende. "Nou moet jy verstaan, toe ek kom boer het was daar nog 'n klomp linoleum in die skape se wol, en dit het ek met verloop van tyd uitgeteel met die hulp van Merino-adviseurs in Graaff-Reinet." Daardie jare was die geplooië Merino nog hoogmode gewees, en hy merk op dat 'n ram wat nie plooië gehad het nie, summier uit die trop gegooi is. "Vandag se Merino moet 'n gladdelyf hê, en ek stem heeltemal daarmee saam. Dit help met allerhande goed, soos om die brommers van die skape af weg te hou."

Wat die vervoer van skape en wol betref, was daar in die verlede enkele metodes in plek soos om self die wol met 'n vragmotor af te ry Port Elizabeth toe. "Die boere kon ook gebruik maak van 'n spoorweg-lorrie wat vier deure gehad het om passasiers en die wol in te laai," sê William. "As ons die Merino-ramme by Bloemfontein se nasionale skou wou kry, het ons hulle op 'n trein gesit." By dié skou het hy verskeie toekennings, soos 'n beker, 'n woltrui, en materiaal om 'n wolpak te laat maak, gewen.

Die deel van die plaaslewe waarna William en Marena die heel meeste verlang, is vars melk en vleis, en die lieflike skoon water wat vryelik beskikbaar was. Hulle mis egter glad nie die droogtes, wegholbrande, peste en plaë, en rekordhouding wat destyds nog handgeskrewe was nie. Marena voeg ten laaste by dat William 'n baie mooi geaardheid het teenoor sy familie en diere. "My man was baie erg oor sy boerdery gewees. Gewoonlik, as ons na 'n vakansie sou terugkeer plaastoe, het hy gesê, 'ai, dis darem so lekker om weer 'n Merino-skaap te sien!'."

Kontak gerus vir William en Marena Lückoff by 083 709 1313.



Stormberg Merinos

- stud no 2150

**FRIDAY 24 FEBRUARY 2023 at 12H00
on farm Buffelsfontein, Molteno**

GPS: -31,367716, 26,701410,



ON OFFER:

- **40** Merino Rams
- **1000** Merino Ewes
 - 400 Pregnant Merino Ewes 4T-FM (6 Months wool)
 - 600 Merino Open Ewes 2T-FM (6 Months wool)



ENQUIRIES: Robbie Stretton 082 578 2334
Gary Trethewey (BKB) 082 371 4280
Calvyn De Klerk (BKB) 082 498 5745
Grant Stretton 082 858 0580
AUCTIONEER: JP Marais (BKB) 060 551 6537

Boer met iets waarvoor jy lief is en om geld te maak

1 Willem en Diana Loock kyk vandag met goeie herinneringe terug na die tye op die plaas en Grootfontein-landboukollege.

2 “Merino-boere op die plaas moet doen wat vir hulle werk,” sê Willem. “As almal dieselfde ding gedoen het, dan sou ons met dieselfde vrou getrou het – wat groot amok tot gevolg sou gehad het.”

Willem Loock is ‘n belese persoon wat geseënd is met ‘n vlymskerp sin vir humor. Ietwat van ‘n nomade, het hy deur die jare gependel tussen die plaas by die Wapadsberg-pas, Grootfontein Landboukollege, Stellenbosch, en die Universiteit van Pretoria.

3 Vandag is hy en sy vrou, Diana, woonagtig op Graaff-Reinet in ‘n aftree-oord. Om mee weg te spring, vertel hy van sy grootword jare op die plaas Bluegumhouse, en hoe hy in 1958 by die Vloot in Saldanhabaai aangesluit het. “In 1959 en 1960 het ek by Grootfontein-landboukollege studeer met die doel om dan op die plaas te gaan boer.” En toe daar ‘n geleentheid opduik om met ‘n beurs by Stellenbosch te gaan studeer, het hy dit aangegryp. In 1973 voltooi hy sy honneurs studies in landbou-voorligting by die Universiteit van Pretoria, en werk as ‘n voorligtings-beampte in Graaff-Reinet en die omgewing.

Gedurende die tydperk wat Willem op Grootfontein gewerk het, het Diana en die kinders gereeld naweke plaastoe gegaan. Hy het onder andere twee kursusse vir die studente daar saamgestel, naamlik Grootfontein-landbouvoorligting en -omgewingsbestuur. Later was hy ook die kollege se koshuisvader gewees.

Willem beskou Graaff-Reinet as die Mekka van die wolbedryf in Suid-Afrika, en som dit soos volg op. “Dit is Merino-wêreld dié. Die Merino-stoettelersvereniging wat ons vandag ken as Merino SA, asook een van eerste takke van die Nasionale Wolkwekersvereniging, is op Graaff-Reinet gestig. Alhoewel daar nie meer so baie stoeterye oor is nie, is daar darem nog heelwat uitstekende Merino-telers te vinde.”

Hy onthou die jare van 1959 en 1960 toe hy en mede-studente van Grootfontein na ‘n ramveiling op Bloemfontein is waar ‘n paar honderde ramme verkoop is. “Vakansietye het ek ook goeie geld verdien met wol-klassering by Harrismith in die Vrystaat. Die veld was in daardie jare vol skape en daar was een betrokke dag toe die skeerders 1 090 skape klaar geskeer het. Vandag sien ‘n mense nie meer so baie skape nie, vanweë veediefstal en ongediertes.”

4 Terug op eie bodem by Bluegumhouse, het die jakkals-probleem uiteindelik hand-uitgeruk en Willem het besluit om die grond eerder te verkoop en die plaas Platberg in die Colesberg-distrik gekoop waar predasie nie so ‘n groot uitdaging was nie. Die veld daar was ook baie meer gelyk, wat sake soos om draad te span baie makliker gemaak het.

Boerdery was nog altyd vir hom lekker gewees, maar dit is nie altyd so maklik is as wat dit lyk nie. “Ek het geselekteer vir fyner wol en ons het die skape oor ‘n 12-maande periode geskeer.” Hy voeg by dat hulle goeie kudde-ramme by ‘n paar uitstekende Merino-telers gekoop het. “As ek vir iemand moet sê hoe die ideale Merino vir my moet lyk, dan sou ek sê dat ‘n goeie



bouvorm baie belangrik is, kwaliteit wol, vrugbaarheid en ‘n ooi wat elke jaar lam en haar lam grootmaak.”

Die omgewing waarin ‘n mens boer, speel ‘n groot rol in die sukses van ‘n boerdery en Willem brei daaroor uit. “Dit is belangrik om so min as moontlik skape op die veld te hê gedurende die plante se groeiseisoen. Ons praat van die somermaande wat volg na Desember, wanneer die veld minimaal beweï moet word sodat dit nie onnodig seerkry nie. Dit is waarom ‘n boer ontslae moet raak van die meeste lammers voor die Kersgety.” Hy gebruik die proefplaas by Grootfontein as ‘n voorbeeld om te illustreer hoe die veld sekere tye van die jaar op beweïding reageer. “As ‘n mens die aparte proefblokke in oënskou neem wat gedurende lente, somer, herfs en winter op Grootfontein beweï word, sal jy baie duidelik die verskil sien tussen dié blokke wat oordeelkundig beweï word, al dan nie. Byvoorbeeld, die een blok sal só gevreet wees, dat dit sal lyk asof net die mineraleregte daarvan oor is. Daarom is goeie beweïdingsbestuur so ‘n belangrike komponent van ‘n veeboerdery.”

En so vertel Willem nog ‘n staaltjie of twee; van die dae toe hy rugby gespeel het, sy liefde vir ossewaens en slagysters, en die vermenging van Afrikaans en Engels op Graaff-Reinet waarna daar as “Graafrikaans” verwys word. Die aktrise, Sandra Prinsloo, was ‘n wyle terug by hulle aan huis, en volgens Willem is sy “nog heel duidelik vir haar ouderdom”. Die gesprek maak ook ‘n draai by Colesberg se “perde-mense” waar iemand eenkeer die volgende vir Willem gesê het, “Ou Willie, daar is twee gevaarlike plekke in die lewe - voor ‘n vrou en agter ‘n perd.”

Kontak gerus vir Willem en Diana Loock by 082 960 6714.



GROEP 3
MERINO



Hoogste prys op die Nasionale Merino
Veiling 2022 | R160 000



3de Hoogste prys op die Nasionale Merino
veiling 2022 | R130 000

VOLGENDE VEILINGS

PRODUKSIE VEILING 23 FEB 2023
NASIONALE VEILING 11 AUG 2023



Theo Potgieter:
072 356 8940



Kleintjie Pienaar:
082 823 0648



Jaco Potgieter:
082 2104160

Christiaan Marincowitz (BKB): 082 826 0668

Groep3 Merino's



VOLGENDE VEILING
BEAUFORT-WES SKOUGRONDE
31 AUGUSTUS 2023
HORING & POENSKOP RAMME



SAAM BOU ONS WELVAART

H HUGO: 079 669 3380 | J POTGIETER: 082 210 4160 | J VILJOEN: 083 259 3945

Die Merino is 'n langtermyn-belegging

1 Garth Cloete is 'n baie reguit en nederige mens wat sê, al weet hy iets van die Merino-skaapas, het hy nog baie om daarvan te leer.


Garth Cloete is 'n ere-lid by Merino SA op Graaff-Reinet, en as 'n *de-tribalized Dutchman*, soos hy na homself verwys, het hy baie selde bekendstelling nodig as 'n wol-adviseur in die Suid-Afrikaanse Merino-bedryf.

As 'n boorling van Victoria-Wes, uit 'n familie van prokureurs, matrikuleer hy op Queens College Boys High School in Queenstown. Dieselfde jaar, in November 1961, laat weet die weermag dat hy nie opgeroep gaan word nie, en teen daardie tyd is dit al reeds te laat om 'n plek by 'n universiteit te kry. "Toe gaan werk ek die volgende jaar as 'n leerling by die Merino-stoetboerdery, Meltonwold Estates. Ek het maar min van skape geweet en grotendeels daar geleer hoe skape geënt en gedoseer moet word."

Toe gaan studeer hy vir twee jaar by Grootfontein-landboukollege. "Alles het mooi ingespeel, omdat ek vir die verkeerde redes universiteit toe sou gegaan het," sê hy tong-in-die-kies. Gedurende sy finale jaar bied die wolmakelaar, Wool Growers Auctions (WGA), vir hom 'n pos in Port Elizabeth aan waar hy vir die volgende paar maande wol-onderlyne sorteer. "Ek het daarna vir 'n aflos-periode op Ventersburg vir hulle gewerk, en is toe 'n pos op Richmond aangebied as 'n WGA wol-adviseur." Dit is waar Garth sy wederhelfte, Marina, twee jaar later ontmoet het. Hulle was nege jaar daar en Richmond se boeregemeenskap lê beide van hulle baie na aan die hart.

Garth het later uit sy pos bedank om as hulp-sekretaris by Merino SA op Graaff-Reinet in te val. "In daardie tyd is 'n mens aangestel as 'n sekretaris, en nie as 'n bestuurder nie," sê hy. "Ek het die hele land deurgery om inspeksies op Merino's te doen. Die mense was baie interessant en oral was hulle bitterlik goed vir my. Na tien jaar in die pos, het ek vir die volgende 27 jaar as 'n finansiële adviseur by 'n versekeringsmaatskappy gewerk." **2**

Van dag, 10 jaar nadat hy by die versekeringsmaatskappy afgetree het, klas Garth nog steeds Merino-producente se skape vir hulle. "Ek probeer deurentyd om meer van die Merino-skaap te leer," sê hy. "Dit is 'n wonderlike skaap waarvoor ek baie respek het. Daar was oor die jare baie veranderinge in die ras en gedurende die 1960 en 1970s was ek heeltemal betrokke by die algemene siening van die oorplooi Merino-skaap. Ek was op daardie stadium ook betrokke by al



die gladdelyf-stoeterye in die Karoo, wat toe nog by baie boere nie populêr was nie."

Garth sien baie potensiaal by die land se Suid-Afrikaanse Merino-producente. Hy is op die stadium net nie heeltemal seker van die rigting waarin die Merino tans beweeg nie.

- *Prul-foute*

Hy stem nie heeltemal saam met hoe die prul-foute tans toegepas word nie. "Daar word op die stadium gesê 'n prul-fout is 'n prul-fout, met graad van intensiteit, en daarmee stem ek nie saam nie. Met betrekking tot die huidige graad van intensiteit-reëls, sal ek 'n ram nie toelaat as daar enige teken van prul-foute sigbaar is nie. In die geval van 'n ooi waar 'n boer vir homself ramme teel, of om te verkoop, sal ek nie toelaat dat so 'n ooi in die stoet geklas word nie."

- *Kwaliteit vs. eweredigheid van vlies*

3 Eweredigheid van vlies en kwaliteit word al hoe meer oor dieselfde kam geskeer, maar in Garth se opinie, is dit twee verskillende dinge. "Ek dink eweredigheid van vlies behoort 'n aparte eienskap te wees. Kwaliteit is iets wat nie gemeet kan word nie, want 'n mens sien en voel dit met jou oë en hande. Kwaliteit is vir my, goeie definisie, goeie en regte olievloei en hantering (kindness of handle)"

- *Konstitusie*

Daar is deesdae 'n neiging om oor skape se konstitusie te praat wanneer bouvorm onder die vergrootglas kom. Persoonlik dink Garth dat konstitusie niks met bouvorm te make het nie. "Konstitusie is die vermoë van een skaap om te produseer en reproduseer bokant die gemiddeld van die groep en omgewing waarin hy hom bevind. Dit is, met ander woorde, iets wat 'n mens kan meet. Die meer belangrike faktor van stoetteling is IDENTIFIKASIE."

Laastens reageer hy soos volg op die vraag oor hoe die Suid-Afrikaanse Merino vergelyk met dié in Australië, "Soos wat ek verneem het, is Australië se wol die beste in die wêreld, vanweë beter definisie en kwaliteit. Maar, dit is iets wat ek eers self wil sien en voel. En ek wil graag 'n lansie breek vir die goeie bouvorm van die Suid-

Afrikaanse Merino teenoor ander lande s'n, wat ek glo te danke is aan die vleisfaktor wat 'n groter rol in ons land speel.

Daar is steeds Merino-telers waarby hy nog betrokke is, al vir die afgelope 57 jaar.

Kontak gerus vir Garth en Marina Cloete by 08 298 7132.

VPM Produksie Veiling
 Nasionale Merino veiling
 VPM & VPB Produksieveiling

31 Januarie 2023
 11 Augustus 2023
 30 Augustus 2023



Wat SIEN ons by VPM

Eienskappe wat meer geld in jou sak sit
 Vroegryp speenlam | Goeie voeromset
 Uitstaande gradering | Kwaliteit
 Aanvoeling | Mikron's \$\$\$

Wat DINK ons by VPM

Balans tussen algehele voorkoms
 en teelwaardes
 Bouvorm en WOL | Produktiewe families
 Reproduksie van ooie

RAS 082 3019 061 | NIEL 072 5693 539 | DIEDERIK 084 8008 122 | JAN BKB 082 3766 178

VOLG ONS OP SOSIALE MEDIA



Wat is 'n "Skaap- en Wolbeampte" soos gesien en beleef deur Corné Nel

Sedert ek in 2001 begin werk het by BKB in die Beaufort-Wes distrik het ek tot onlangs toe ons werk en myself as 'n veldbeampte gesien en beskryf. Seker maar omdat ons die "veldwerk" moet doen in die bedryf. Ure saam met ons kliente in die son, stof en wind wanneer ons kudde en stoet diere moet klas. Die veldwerk behels ook om in skeerhokke te kom en toe te sien dat alles reg geskied daar. Reel en reguleer van skeerders en hul bekwaamheid. Kliente te help met koop en verkoop van boer- en slagvee. Koop van ramme en reel en geskied van ram en produksie veilings. Area en bedryf betrokkeheid oor die algemeen soos by skoue, boeredae, kudde kompetisies, wolskole en jeugskoue. Dit is lewering van goeie diens vir jou kliënte en om daardeur ook ander kliënte te werf. Deesdae egter staan ons as Tegniese Adviseurs bekend. Wat 'n "smart" beskrywing en hoekom die verandering?

Ons is al 'n geruime tyd meer as net 'n beampte. Tye verander en landbou ook. Baie van ons is ook saam met ons kliënte konserwatief van nature. Veranderinge kom nie maklik nie en word nie maklik aanvaar nie. As ons gaan kyk hoeveel te meer dinge verander en die spoed waarteen alles verander is dit iets wat ons moet verstaan. Die woord "volhoubaar" kom deesdae almeer op in gesprekke. Dit is werklik iets wat ek myself baie af vra as iets moet verander. Ek sal dit doen en promoveer as dit die sekerheid en volhoubaarheid van die bedryf kan beskerm. Dan maak dit mos sin.

Om hierdie werk vir 22jaar te doen leer jou baie dinge. Oor die tydperk het ek al ongeveer 1 490 000 km gery en 660 000 diere geklas. Die belangrikste geleer is sekerlik die woord en konsep van verhoudings, samewerking met jou kliënte (wat soos vriende raak), kollegas, bedrywe, die wêreld waarin jy bestaan moet maak, selfs ons land met sy wette en regulasies. Saam met dit die vermoë om sekere dinge te aanvaar en die beste te maak van elke situasie. Kwaad raak help nie, intendeel dit breek verhoudings af.

Om kliente en boere te diens is n voorreg. Die voorreg om hierdie mense se harde werk, boerderye, kuddes, stoete en hul toekoms in jou hande te neem en groot besluite te neem. Daarom my gesegde altyd as ek gevra word om raad te gee. "Oom Piet as dit my skaap was en my keuse sou ek dit doen!!!" En dan bedoel ek dit. Kanse vat bly vir my riskant en die konserwatiewe in my neig daarvan weg. As ek vanaand my kop op die kussing neerlé moet ek kan slaap en nie moet terug dink dat ek nie my aller eerlikste raad vir almal gegee het nie.

Ons het onlangs met 'n dinkskrum op die mooi woord "hulpbron" besluit. Ons moet ten alle tye 'n onmisbare hulpbron vir ons kliënte wees. Altyd beskikbaar om te help in enige raadgewende hoedanigheid. Ek was selfs al 'n berader genoem in tye as dit moeilik raak. Wat is 'n hulpbron nog? 'n Moeilik situasie duik op en dan is 'n hulpbron daar om moontlike opsies te gee om uit te kies. Ons kom op baie plase. Ons sien planne gemaak deur boere. Boere maak planne! Nou wie is ons beter as om hierdie planne te deel met ander. Dit is as ons mag natuurlik.

In die skaap- en wolbedryf is hierdie in die laaste tyd so



relevant. Van 2019 af is dit nog net planne maak van die een uitdaging na die volgende. Om moedeloos te raak is nie 'n opsie nie en soos ek oor die jare ons boere leer ken het, is vasbyt en planne maak hul sterkpunt. Om in sulke gevalle te sien dat jou voorstel of idee 'n verskil gemaak het is baie spesiaal. Dit is soos ek dit sien waarom ons baie keer soggens opstaan om juis 'n verskil te gaan maak. Ek noem dit baie keer daai "hoendervleis" oomblikke waar jou klient vir jou wys dat daai ram wat jy help kies het die volgende goeie resultate gelewer het of nadat jy begin klas het die wol sy style en kwaliteit verbeter het.

Baie van ons kom van plase af en boerdery en wat daarmee saam gaan is deel van ons. So wat doen ons, ons lewe ook ons passie uit. Ons gee om en maak planne op ons kliënte se plase en selfs in raadsale en vergaderings waar die bedryf se toekoms bepaal word.

Ons is in verhoudings soos reeds gesê met ons kliënte en dit beteken samewerking. Om dus saam met my kliënte belangrike besluite te neem is vir my van kardinale belang. Ek kan nooit myself belangriker ag as die eienaar van die skaap of plaas waar ek werk nie. Wie gee my in elkgeval die reg. Dit is intendeel 'n voorreg om die boer te diens en te help. Ja mense verskil en soms is jou sê en besluite meer werd as in ander gevalle, maar dan maak jy seker dat die kliënte weet waarom jy sekere besluite voorstel. Om 'n pad saam te stap is vir my die belangrikste. Om saam die goeie tye te waardeer en saam te leer in die slegte tye waar skoolgeld betaal moet word, is nodig. Glo my daai skoolgeld en verliese aan inkomste en daling in markte vat ook aan ons siel. Dit word glad nie maklik aanvaar nie.

Vir ons om by 'n ram veiling te staan wat sukkel met min kopers vat ook aan ons siel. Dit is nie lekker nie. Al is dit nie eers jou kliënt of maatskappy se veiling nie. Ons weet hoe dit voel en daarom leer ons gou empatie vir ander. Selfs hier kom die gewoontes en agtergrond van baie van ons ook sterk deur om jou mede landbouer te wil help en ondersteun. Ek sien in elkgeval dat ons almal mekaar nodig het. Ons is almal in Landbou en die bedryf is in anders as meeste ander bedrywe.

Om op te som dit sal altyd vir my en my kollegas en mede landbouers 'n voorreg wees om saam die toekoms te verseker vir almal van ons.

Corné Nel (BKB, 082 410 8898)

DRIVE EARNINGS

At BKB there are many hands contributing to the work that is done and reputation that is earned.
These hands work together every day, focusing on your prosperity.

WWW.BKB.CO.ZA

BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou



To scan, download
a free QR Code app

#SustainabilitySynergised
PEOPLE | PLANET | PROFIT

SERVICE EXCELLENCE | ENTREPRENEURSHIP | EARNINGS | EMPLOYEES | ENVIRONMENT

#IntegrityIntegrated

Montego Pet Nutrition, better every day!



Montego Pet Nutrition, the largest pet food manufacturer in Africa has delved roots deep, not only into South Africa, but especially into the Karoo. With its largest production plant and administrative office based in the small town of Graaff-Reinet, they pride themselves on the community they have been fortunate to grow with and the family-oriented structure of their business.

In 2000, Hannes van Jaarsveld made the brave decision to purchase an ostrich feed factory from an insolvent estate and over twenty years he poured his heart into making sure the foundations were laid to set Montego Pet Nutrition up as one of the best-known pet nutrition brands and familiar favorite in South African homes.

From the production of 65 tons a month to over 300 tons every day, this vast increase was done to ensure that Montego could keep up with the demand of pet food within South Africa, as well as to enable exports to other countries.

With a growth strategy set to rival its biggest competitors, Montego has in the last four years undergone a rebrand, upgraded its factory in Graaff-Reinet as well as installed a dedicated solar energy plant. They have opened a dry production facility and administrative offices in Centurion, purchased and taken over the running's of eleven depots, building its own fleet of vehicles, and are about to finish its latest addition – a new treats production facility in Graaff-Reinet.

Quality is the most important foundation of Montego Pet Nutrition, feeding the nation's pets requires the highest quality feed, and the most stringent standards and certifications to produce it. With the vast range on offer, Montego can provide the greatest quality pet foods at prices suited to each home. With their FSSC 22000 certification granted, quality is a guarantee on every single product produced and made by Montego Pet Nutrition.

They have a wide selection of brands on offering to their customers: five brands of dog food, including their home brand Classic, three brands for cat food, sauce toppers for dogs, a range of treats for dogs and cats, as well as their Xenpet supplement and grooming products. This growth potential has triggered expansion in their global distribution footprint, and they are now exporting products to over 20 countries with future expansion inevitable.

After a decade and a half at the helm, Hannes handed over

the reins to his youngest son Johan in 2014, with his other two sons, Morné and Marco, holding key positions in the business as Administrative and Operations Directors respectively.

In 2020 Janic Capital, a proud family-oriented business, became a minority shareholder. Owned by the Dippenaar family, Janic Capital is committed to our vision of being an international pet food brand of choice, recognized for our exceptional quality, value, and positive change we bring to the communities in which we operate.

Montego boasts private label manufacturing capabilities, strong longstanding relationships with distributors throughout the continent, and a wide range of sustainable products suitable for all channels and markets.

The future looks very bright for Montego Pet Nutrition. They will always be most committed to their South African market and are grateful to their loyal customers and retailers both locally and internationally, for their unwavering support.

Email: info@montego.co.za



+27 49 891 0825
+27 660 252 774



PO Box 273
Graaff-Reinet
6280



2 Bresler Street,
Graaff-Reinet,
6280





Our Formula for Success is a **Passion for Pets**



Over the past 22 years, we've overseen the formulation and successful production of over 180 unique products that proudly carry the Montego name. From economy to ultra-premium, from complete nutrition to treats and pet care, there is a Montego product for every pet and pet owner. **The recipe of our growth and progress has remained the same since the start, with our passion for pets being the key ingredient to our success.**



Montego
WUM!

Montego
Classic

Montego
KAROO

Montego
FIELD+FOREST
guided by nature

Montego
BAGS O' WAGS
MIGHTY TREATS

Montego
PACKS O' PURRS
KITTY TREATS

Montego
SAUCE

Montego
XenPet



www.montego.co.za



The benefits of polled Merinos for SA's sheep industry

Earlier this year, several Merino stud breeders from Middelburg in the Eastern Cape, formed the Nu Poll Merino group, whose aim is to breed polled sheep exclusively. Group member **Tinus du Plessis** explained to **Annelie Coleman** why breeding and farming these animals made business sense.

The recently formed Nu Poll Merino group, based in Middelburg in the Eastern Cape, is the first of its kind in South Africa's Merino stud breeding industry. According to member Tinus du Plessis, the decision to focus on these animals was based on hard-nosed economics: polled weaners realise a premium of R1,50 to R1,80 more per kilogram from certain feedlots.

Reasons for this being that polled sheep are easier to handle and manage, and there is no need to regularly dehorn weaners, which reduces the on-farm workload. Injuries caused by fights between rams are also largely eliminated. In addition, polled Merinos are easier to shear, and there are no horns to become entangled in fences or in the horns of other sheep.

"Currently, the majority of Merino rams in the country are still horned, with only about 10% to 15% being polled. However, we expect demand for polled animals to increase substantially in the future because of the benefits they hold for both stud and commercial flocks. We've therefore decided to put only polled animals on offer at our group's next production sale, which is planned for 20 January 2023. We also plan to put a limited number of polled ewes on offer," says Du Plessis.

GROUP MEMBERS

The Nu Poll Merino group consists of Tinus and Triegaardt du Plessis (Buffelspoort Polled Merino Stud), Robert Southey (Lucernedale Stud), Stuart Southey (Southfield Stud), Eben and Jacques du Plessis (Macasserfontein Stud), Jannie Moolman (Rusoord Stud) and the Grootfontein Student Stud. The group's animals comprise about 12 000 stud and commercial ewes on some 36 000ha. The respective flocks are run under extensive Karoo conditions, characterised by extreme heat in summer and below freezing temperatures in winter.

INCREASED DEMAND

Some members of the group started breeding polled rams as early as 2006. Demand from South African farmers has since increased considerably, with the advantages of polled animals gaining wider publicity. One sign of this demand has been the spike in the importation of polled genetics from Australia. The group's mission is to provide the best polled Merino genetics to the industry in order to increase the profitability of their flocks and those of their clients.

Danie Vorster, retired manager of Merino South Africa, explains that a polled Merino's skull has a 'depression', rather than a horn. According to Merino SA classing standards a knuckle or small hornlike growth may be present in the depression but is not allowed to exceed 30mm.

Du Plessis says there is a lingering perception that polled animals are inferior and less robust than horned ones, but this is simply not true. In recent years, Poll Merino breeders in South Africa have bred outstanding animals that are highly adaptable and hardy, with excellent growth rates and top-quality wool.

RECORD-KEEPING

The Nu Poll Merino group's sheep are subjected to comprehensive performance testing supported by BKB's Decision Support Services (DSS) and radio frequency identification (RFID) system. By means of the RFID system, Nu Poll Merino group members keep close track of each individual animal's performance. According to Du Plessis, the system is a valuable tool for the detection of poor performers and gives members the opportunity to remove these animals from their flocks.

Traits recorded include weaner weight, wool weight, and fibre quality. This enables the group to determine the economic value of individual animals according to the number of animals weaned and the kilograms of wool produced. This data is then



expressed in indices that give prospective buyers the opportunity to select rams well suited to their specific farming conditions. Nu Poll Merino's objective is to market only those rams that have an index of 100 or above.

Nu Poll members also make use of BKB's Decision Support Services (DSS) to apply the information and thereby identify good and poor performers in each flock. The DSS system focuses on ewe productivity as the main production units in a sheep farming concern. Obviously, the rams' progeny performance is also monitored. The members can thus apply corrective mating visually as well as employ data for optimal decision-making. To increase efficiency and productivity, they select replacement ewes from preferred ewe lambs amongst the top 75% in the flock.

The Nu Poll Merino group's rams are subjected to a rigorous six-month veld test regime, which is of value for ensuring that they excel under all extensive grazing conditions. A specific value is attached to traits such as growth and adaptability, and these are

eventually expressed as an economic index.

Having accurate, complete, and comprehensive records of livestock has become crucial; these economic indices are clear and proven indications of the potential genetic contribution that a ram can make to a Merino breeding concern, irrespective of where a buyer is located.

"Nu Poll is committed to producing animals that are highly fertile, give birth to the optimal number of lambs per ewe, achieve above-average kilograms of meat per hectare, and have lambs that reach target weight as soon as possible. Wool quality and quantity are non-negotiable, and so is adaptability. Genetic integrity forms the cornerstone of our business, and we'll always stand by this commitment to our clients."

Email the Nu Poll Merino Group at tinus@adsactive.com

Article reproduced and adapted with permission from Farmers Weekly, edition 1st April 2022.

ESTD.



2021

NU POLL MERINO



VOLGENDE VEILING:

Vrydag 20 Januarie 2023
Middelburg EC Gholfklub

MOET DIT NIE MIS NIE.
 GROOTSTE AANBIEDING VAN
 POENSKOP RAMME!

TINUS: 082 772 3221

My hart vir die plaas en Merino's

Nicola Hanekom

'n Liefde vir die plaas, nog te meer 'n liefde vir die Merino oorgedra van geslag tot geslag op Korenhof. Vyf geslagte later en die liefde loop steeds nie dood nie.

Liefde gekweek in die alledaagse skaap boerdery praktyke in die hart van 'n plaas dogtertjie met 'n onvoorwaardelike liefde en bewondering vir haar pa en oupa. Dit is in die wol speel skeertyd, op die olie drom sit in die kraal terwyl ramme geklas word, op die toonbank sit terwyl pappa die ooie insemineer, wit gesteriliseerde handdoeke wat op die draad hang wat mamma deeglik was juis vir insemineer tyd, skaap stertjies sny en dan sommer braai ook. Dit is lammetjies wat vroegoggend spring en baljaar op die land, huis toe bestuur in graad 1, want pappa se hande is vuil na hy onverwags die ooi moes help lam. Dit is hoe ek later self 'n ooi help lam, deur lam hokkies stap en seker maak elke lammetjie kry die beste kans op oorlewing. Dit was hoe ek deur Oupa geleer is hoe om die ramme se wol met die regte tegniek oop te maak, miljoen vrae te vra by kudde kompetisies, jaarlikse ram veilings met al die bekende gesigte wat jou sien grootword voor hulle oë. Dit is ramme met name wat elk 'n legende nalaat en neergelê word met respek op hulle spesiale plek. Dit is ekstra waardering vir 'n skaaptjoppie, want jy weet met hoeveel liefde daar na die diere gekyk word.

Dit is 'n pappa en 'n oupa, 'n ondersteunings netwerk in 'n mamma en ouma wat die klein plaas dogtertjie geen ander keuse oorlaat as om versot te raak op dit waarvoor haar naastes ook so 'n passie het, die draer van die goue vag, die Merino.

Wat begin het by al hierdie kleiner waarnemings het vinnig



gegroeï in 'n groter passie soos die jare aangegaan het en ek meer en meer kon verstaan asook leer. Ek kon by my pa en oupa in die kraal staan en saam met legendes soos oom Pieter du Plessis en oom Pierre Vlok na 'n ram kyk en dan kennis absorbeer soveel ek kon. Wat is mooi wol, wat is die kwaliteit van die wol, wat is die mikron, waar is die pens wol en waar moet dit nie wees nie, hoe die hakke moet lyk en watter ram 'n mooi bouvorm het. Ek kon leer oor genetica en die biologie agter elke skaap se ontstaan. Ek kon self begin navorsing doen en dan terugkom met nog vrae. Ek het wel

gou geleer dat die sukses van die stoet nie net lê in die deeglike voorbereiding en al die syfers op papier nie, maar ook die trots wat daarin gaan om na die skape om te sien, die passie waarmee dit gedoen word en baie genade van Bo.

Photo 2 'n Goeie voorbeeld van die respek wat daar vir die Merino is, is hoe van die legendariese ramme tot rus gelê word. Elkeen, met sy unieke naam, kry sy rus op 'n koppie wat uitkyk op die plaas wat ons gesin so naby aan die hart lê. Korenhof is uit en uit 'n familie gedrewe boerdery en daar word hard gewerk om 'n erfenis met betekenis na te laat. Om die vyfde generasie te wees wat die voorreg gaan hê om my droom uit te leef en te boer met die Merino, is en sal 'n voorreg wees wat elke dag gekoester gaan word. Met Korenhof wat in 1982 die eerste produksieveiling ooit in Suid-Afrika was, is ons trots om nog elke jaar die veiling aan te bied, 'n inisiatief wat deur my oupa begin is en deur my pa voortleef.

Ons familie op Korenhof glo dat ons sukses met die Merino te danke is aan baie lojale kliente en baie goeie ondersteunings netwerke.



STOETNO 952 JC HANEKOM & SEUN

KORENHOF MERINO'S

"DIE OUDSTE MERINO PRODUKSIEVEILING IN SA!"



Dirk Hanekom : 082 776 9900

Pieter du Plessis (BKB) : 082 823 0673

42^{ste} Produksieveiling namens DG Hanekom

Dinsdag 25 Julie 2023 om 13:30

te KORENHOF, DISTRIK BREDASDORP

**MERINO CLASSIC 2022 SE TELER VAN KAMPIOENE
ASOOK TELER MET BESTE PAAR**



AANBOD

**50 MERINO RAMME
30 HORING- & 20 POENSKOPPE**

Ramme getoets vir
vrugbaarheid en
vry van geslags- en
verwante siektes.

KORENHOF MERINOSTOET het bekendheid verwerf vir kwaliteitwol, tipe en eenvormigheid!



Jagersfontein Slikramp tref Merinoboere

Vanuit 'n verwaarloosde siertuin onder 'n koelteboom begroet 'n afgeleefde, dorpswapen besoekers aan Jagersfontein. 'n Ent verder sit twee "wenners" in oorpakke op die stoeptrappe van die Winner's Inn "Tarven" – destydse dorpsvaders se verbod op die verkoop van sterk drank en "onbehoorlike joligheid" is iewers sedert 1870 opgehef. Die ontvolkende plattelandse dorpie in Suid-Afrika bly maar die hartklop van 'n boeregemeenskap, maar mens kan ook nie vir jouself lieg nie. G'n mens sal vandag kon raai dat Jagersfontein destyds die tweede dorp in Suid-Afrika was om elektrisiteit te gebruik nie, want van dié bloeitydperk is min tekens oor.

Waarvan daar wel duidelike tekens is, is die slikramp wat op 11 September vanjaar die lewe van twee mense geëis en sowat 169 huise in puin gelê het toe die wal van die diamantmyn se uitskotdam gebars het.

Merinoer Dennis Louw, wie se plaas Vlakfontein aan die dorp grens, vertel wat dié Sondag gebeur het:

"Ek is 05:30 uit na die nagspan toe, want my ooie was besig om te lam, en toe ek 06:45 weer uit is om die hanslammers se melk te gaan aanmaak, het ek dadelik besef die myn raas baie harder as gewoonlik. Ek bel toe 'n vriend wat daar werk, maar dié was uitstendig en wis nie van wat by die myn besig was om te gebeur nie. Ek was besig om te voer by die ramstal toe een van my mense aangehardloop kom met die nuus dat die myn se damwal gebreek het. Toe sien mens net so 'n gryns ding aankom. Ons jaag toe om beeste, ramme en tweelingooie te skuif, maar het nie besef hóé hoog die modder sou opkom nie. Ons het so 44 ramme deurgekry, en van my mense was nog druk besig toe ek sien die modder druk oor die walle. Op die ou end het ons besef ons moet net die mense uit die pad van die modder kry."

Volgens Dennis het die hele drama binne minute afgespeel. "Daai wal het soos 'n geelslang aangekom, twee meter en plek-plek tot drie meter hoog."

Wat gaan deur mens se kop as mens soveel water sien aankom, wou *Merino Fokus* van Dennis weet. "Jy weet, nee, op daai stadium jaag mens net om jou goed weg te kry, jou manne uit die veld te kry en die bure te waarsku. Eers toe ek later tuis kom en ek sien van die ramme in die modder staan, het ek die omvang



Jagersfontein Lugfoto Okt2022





LINK
MERINO'S

17de PRODUKSIEVEILING

9 FEBRUARIE 2023

Swartkoppies / Jagersfontein

(Produksieveiling om 11:00, Ramveiling om 14H00)

GPS coordinate: S 29°56,969 E 25° 29,640

4000 skaap | 50 ramme



HOË KWALITEIT WOL • HOË VRUGBAARHEID
VLEIS - WOL VERHOUDING 70/30% • MOEDERSEIENSKAPPE



NAVRAE: Piet Louw - 082 551 8243 | Dennis Louw - 082 717 4521
Erik Alexander - 083 444 8892 | Frikkie Strauss - 082 772 4557



van die ramp begin besef. Ek het gedink my 128 lapa ooie met oor die 200 vierweek-oue lammers was almal weg. Ons het begin om die ramme wat uitgespoel het en in die modder gesit het, huis toe te bring en te was, toe my dogter 'n klompie ooie sien aankom voerplek toe."

Op Vlakfontein alleen het die slikkrampslang uiteindelik 40 lapa ooie, 108 lammers en 41 ramme ingesluk.

Op *Merino Fokus* se vraag oor hoe mens nou 'n skaap was, antwoord Dennis dat mens hulle natspuit en op 'n buiteband laat sit terwyl die modder gewoon met die hand uitgewerk word. "Wat interessant is, is dat die fyn poeierstof wat aan die skaap vasgesit het, letterlik al die olie uit die wol onttrek het – dan sit mens met so 'n spierwit wol. In retrospeksie moes ons seker opgelet het of ons nie 'n diamant of twee uitwas nie," lag hy.

Dit was ook nie maklik om die skaap behoorlik met een was skoon te kry nie. Sowat drie dae ná die slikramp het die tweelingooie se uiers begin deurskuur as gevolg van die grond wat gepak het op die pense en tussen die bene.

"Ons moes 'n verdere 32 ramme wat in die modder gesit het afskeer, wat beteken dat hulle ook nie meer op die produksieveiling kan kom nie," vertel Piet Louw, Dennis se broer. Piet en sy vrou Christi boer op die buurplaas Swartkoppies, en het nie die sweeps slag van die slikramp gemis nie. "Ek het in laasjaar se brande 60% van my spaarveld verloor, en ons ramme het hier by Dennis geloop."

Dennis het darem ook 'n pluimpie vir die Merino-ras se moederlike eienskappe: "Skielik het ons met 85 hanslammers gesit. Teen die Dinsdag het ek besluit om maar 'n kans te waag en die lammers tussen die ooie in te jaag. Die ooie kon nog nie eintlik ruik nie, want hulle het nog die modder om hulle gehad, en dieselfde met die lammers, maar uiteindelik het ek net met 6 hanslammers gesit wat nie gevat het nie!"

"Mens kry skoon hoendervleis," sê Merino SA bestuurder Willie van Heerden, wie se besoek aan Dennis saamgeval het met *Fokus* se onderhoud. "Dit was vir my belangrik om in persoon vir Dennis en Piet te kom sê dat Merino SA 'n hart het vir ons lede."

"Daar is sowat 1000 ha waarop ek tans nie kan boer nie, waarvan 545ha onder slik is. Verder is daar kampe waar die modder in die kuile ingedruk het en wat die ooie en lammers se oorspronklike suipplek was – hier val hulle vas in die modder wat op die oog af drooggebak en hard voorkom."

Die diamantontginningsproses behels dat erts met water gewas word, maar geen toksiese chemie word in die proses

bygevoeg soos wat dit die geval is met goudontginning nie. Volgens omgewingskenners verhoog die oor-en-oor gebruik van dieselfde water egter die nitraat-inhoud, en in daardie opsig sal die slikneerslag oor die landbougrond wel veld verbrak en grond- en rivierwater besoedel. 'n Multidissiplinêre span omgewingspesialiste is tans besig met proefnemings om te bepaal wat die beste moontlike modus operandi vir rehabilitasie en bewaring van die saadbed sal wees. Tans lê die slik tussen 2cm en 1.5m diep op spaarveld wat vir die afgelope 27 jaar met groot sorg bestuur is.

Suid Vrystaat Veldram – Bethulie, 8 Feb

Jan Joubert (BKB), Dr Kosie le Roux (koper), Kotie Pretorius (verkoper), Seun Molahloe (vashouer), JP Marais (BKB afslaer). R23 000



Preiss & Kock – Hanover, 8 Feb

Danie Strauss (BKB afslaer), Adriaan Geldenhuys (koper), Reinhardt en Elsjie Kock (verkopers), Fransie Baartman (vashouer) en Bennie Steyn (BKB). R50 000



Link – Jagersfontein, 10 Feb

Agter: Danie Strauss (BKB afslaer), Dennis Louw en Erik Alexander (verkopers), Herman en Pieter Groenewald (kopers). Voor: Piet Louw (verkoper), Frederick Strauss (BKB), Thabo Taai (vashouer) en Charl Groenewald. R25 000



Scheepers broers – Fouriesburg, 11 Feb

Hanno Ferreira (OVK), Esias Scheepers (verkoper), PM Swart (OVK afslaer), PH Heyns (koper) en Louis Scheepers (verkoper). R22 000



Kraankuil – De Aar, 15 Feb

Marnitz Fourie (OVK), Stefan Naude (verkoper), Bongu Onyela (hanteerder), Danie & Milne Botha (kopers), Jakkie Nel (afslaer) en Thembela Sigonyela (hanteerder). Ram regs R25 000



Fairworld (van Aardt) – Cradock, 16 Feb

Willem van Aardt (verkoper), Stefaans de Klerk (koper), Acton van Aardt (verkoper), Danie Strauss (BKB afslaer) en Hans Thomas (hanteerder). R65 000



Trumps – Hanover, 18 Feb

Jan Pienaar (verkoper), Wouter Vorster (bestuurder), Piet Marais en Stuart Ferreira (kopers), Andries Pienaar (verkoper), Bennie Steyn (BKB) en JP Marais (BKB afslaer). R100 000



"For generations to come"

300 Rams



Breeders:

Kleintjie Retief
082 9444 492

Willem Retief
082 9447 167

Johannes Retief
082 3851 821

DATES & OFFERS:

3 February 2023 (Friday)


150 Rams

2 000 Selected Ewes

27 July 2023 (Thursday)

150 Rams

1 500 Selected Ewes



Gordonsfontein, Hanover



Heuningkrans (Prinsloo) – Smithfield, 22 Feb

Jan Joubert (BKB), JP Marais (BKB afslaer), Eddie Prinsloo (verkoper), John Melville (OVK), Johan Rautenbach (koper), Rikus van Biljon (BKB) en Eduard Prinsloo (verkoper). Voor: Dirco Bezuidenhout (BKB) en Zane Phomane (hanteerder). R42 000



Charmac (McNaughton) – Graaff-Reinet, 23 Feb

Jakkie Nel (OVK afslaer), Ronald en Elsanne McNaughton (verkopers) en Jonker Venter (OVK, namens kopers Len du Rand en Willie Jordaan). R37 000



Groep 3 – Graaff-Reinet, 24 Feb

Agter: Theo Potgieter (verkoper), dr. Matebesi, Mapaseka, dr. Lehloeny, Mamaria, adv. Khumalo, Makhale, Khoalenyane, Phemthi, Alotsi, Selomo (kopers, Lesotho), Christiaan Marincowitz (BKB), en Kleintjie Pienaar (verkoper). Voor: Gert Jordaan (BKB afslaer), Jaco Potgieter (verkoper), Molise, Ntai, Sankoela en Liphofu (kopers). R50 000



Smaldeel – Adelaide, 25 Feb

Craig Ferreira (koper), Chris & Geoff Hobson (verkopers), Brendan Wicks (BKB afslaer) en Ben Joubert (BKB, hanteerder). R32 000



Stormberg Top Tier (Stretton) – Molteno, 25 Feb

JP Marais (BKB afslaer), Matthew Morgan (koper), Gary Trethewey (BKB), Robbie & Grant Stretton (verkopers) en Mfundo Ngangoshe (hanteerder). R20 000



Oos-Vrystaat – Vrede, 14 Jul

Daan Cronje (BKB), Jan Mostert (BKB afslaer), Kosie de Villiers (verkoper) en Pieter Nel (BKB). R60 000



Goedeverwagting – Heidelberg, 5 Aug

Human en Uysie Willemse (verkopers), Len Borman (BKB afslaer), Boetie Kleinhans (vashouer) en Kobus Louw (BKB). R21 000



Goedeverwagting – Heidelberg, 5 Aug

Boetie, Sinon en Maritza de Jager (kopers), Johan en Riana du Plessis (verkopers), Kobus Louw (BKB), Rudolph Smith (BKB). R21 000

SINCE 1915
PREISS&KOCK

7 FEBRUARIE 2023 - HANOVER
15 SEPTEMBER 2023 - FRANKFORT

Droogte en klimaatsverandering – implikasies vir die westelike weigebiede

Prof. Beatrice Conradie, Universiteit van Kaapstad


Die wydverspreide droogte van die afgelope paar jaar is hopelik vereers verby, en dit is nou 'n goeie tyd vir nabetraging. Oor die algemeen glo Karooboere dat die Karoo maar van tyd tot tyd sy droogtes sal kry maar dat daar ook genoeg goeie jare tussenin sal wees om 'n lewe te maak. Klimaatsverandering vertel 'n ander storie. Die Verenigde Nasies se Wereld Voedselprogram se verwagting vir westelike helfte van die Kaap Provinsies van Suid-Afrika, en vir alle ander ariede weidingsgebiede oor die wereld, is

- Stygende temperature
- Meer verdamping as gevolg van hoër temperature
- Onsekerheid oor tendens in jaarlikse reënval, maar reënval gaan meer wisselvallig word
- Die drie faktore saam verhoog die kans op droogtes

Die pas afgelope droogte was nie die eerste of ergste droogte in die geskiedenis van die Karoo nie. Die eerste helfde van die 20ste eeu was heelwat droër as die tweede helfde, maar van die donker voorspellings wat vir die volgende drie of vier dekades gemaak word, sit reeds in ons huidige klimaatsdata. Boere stem heeltemal daarmee saam dat iets nie reg is nie. Ten spyte van die goeie reëns van die afgelope somer voel nie een van die boere wat aan vanjaar se Karoo Bestuursopname deelgeneem het dat die droogte by hulle verby is nie.

Temperatuur

Stygende maksimum temperature is 'n voorbeeld van voorspellings wat reeds besig is om waar te word, soos wat in die grafieke gesien kan word. Beide plot in persentasie terme die toename in die maksimum somer- (links) en wintertemperature (regs) die Sentraal Karoo sedert die vroeë 1990s. Hoewel die toename in winter maksimums meer wisselvallig is, neem dit teen dieselfde koers as die somer maksimums toe. Dis tans 10% warmer as wat dit dertig jaar gelede was.



Grafiek 1: Gemiddelde daaglikse maksimum temperature in die Sentraal-Karoo

Warmer weer het groot implikasies vir die boerdery. Genoeg koelte vir vee gaan krities belangrik word, en elke boer moet besluit of dit sinvol is om bome te plant (wat in 'n droogte kan vrek) of skadunet te span (wat in 'n storm kan wegwaai). Storms gaan meer algemeen word en die skadu onder 'n boom is heelwat koeler as onder 'n net. Maar as jy wil bome plant, moes jy dit al gister gedoen het.

Dis dalk 'n goeie idee om self temperatuur te begin aanteken.

Die veekundiges moet vir ons uitwerk wat die effek van stygende temperature op die reproduksie en algemene prestasie van verskillende veerasse onder verskillende temperatuur scenarios sal wees sodat produsente ingeligte keuses kan maak.

Wisselvallige reënval

Almal verstaan die belangrikheid van opvolg-reën en hoe misleidend jaarlikse reënvalsyfers kan wees wanneer reënpatrone besig is om te verskuif. Selfs navorsers is nie heeltemal seker hoe om die wisselvalligheid te hanteer nie.

Een moontlikheid is om 'n bewegende gemiddelde syfer by te hou. Gewoonlik word bewegende gemiddeldes oor meer as een jaar bereken om wisselvalligheid te beperk, maar in die geval word die bewegende gemiddelde oor die voorafgaande twaalf maande se maandelikse reënvalsyfers bereken, wat 'n seisoenaal-aangepaste jaarlikse syfer bekom. So 'n reënvalindeks bereik 'n laagtepunt met die aanvang van die nuwe reënseisoen en 'n hoogtepunt aan die einde daarvan, en op plekke waar daar nie eintlik 'n seisoenale variasie in reënvalpatroon is nie, is die golf amplitude kleiner as op plekke met 'n sterk seisoenale aard aan reënval.

Waardevermindering kan op die reeks toegepas word om voorsiening te maak daarvoor dat veld se kondisie verswak as dit nie reën nie. Ons aanvaar die veld het 'n twaalf maande geheue van reënval en skryf die bydrae van 'n bepaalde maand se reënval reglynig oor twaalf maande af.


Met genoeg historiese reënval data kan die verwagte reënvalindeks waarde vir elke maand van die jaar bereken word, en kan ons ook die verspreiding rondom die gemiddelde maandelikse waardes bekom. Dan het ons nog net 'n definisie van droogte nodig, byvoorbeeld dat 'n droogte begin wanneer die indeks 'n waarde bereik wat die 10% droogste Januariemaande of Septembermaande op rekord verteenwoordig. In Grafiek 2 word die droogtelyn deur die onderste grys lyn en normale toestande deur die boonste grys lyn voorgestel. Die 10% droogste jare op

rekord is nogal 'n hoë hekkie om oor te spring, maar dis wat ons hier aanvaar het. Aan die anderkant is almal dit redelik eens dat 'n droogte eers verby is wanneer normale toestande terugkeer, en in terme van die grafiek is dit wanneer die rooi lyn weer bo die boonste grys lyn lê.

Die berekening gee 'n maklike manier om die lengte en diepte van 'n droogte te bepaal en die syfers is uniek vir elke plek.

Grafiek 2 bevat drie voorbeelde, vir Vlakfontein net noord van Leeu-Gamka, Goraas tussen Carnavon en Williston en Wagenaarskraal suid van Victoria-Wes. Wagenaarskraal is die natste van die drie plekke, met 'n verwagte jaarlikse neerslag van 247mm, gevolg deur Vlakfontein met 247mm en Goraas is die droogste met 'n verwagte reënvalsyfer van 157mm per jaar. Goraas se reeks begin in 1913, Vlakfontein s'n in 1927 en Wagenaarskraal s'n in 1943.

Elkeen van die drie plekke het 'n definitiewe seisoenale reënvalpatroon, en oor die afgelope dekade was die patroon van weitoestande van jaar tot jaar ook grootliks dieselfde. Die laaste bogemiddelde jaar voor 2022 was die 2013 seisoen. Daarna was 2014, 2015 en 2016 gemiddeld (met 2014 selfs bogemiddeld op Vlakfontein). Op Vlakfontein en Goraas was 2017 droog, maar op Wagenaarskraal was dit nog gemiddeld met 'n korstondige



Grafiek 2: Indeks van weitoestande op plase in die Karoo oor die afgelope tien jaar

seisoenale droogte aan die einde van die jaar. Daarna het die droogte begin, hoewel miskien eers in alle erns in 2019 op Wagenaarskraal. Met goeie reëns in die najaar van 2021 was almal hoopvol, maar Februarie en Maart se swak reëns voel boere tans dat die 2017-2021 droogte nog nie verby is nie. Gemete aan elke plek se eie toestande was Vlakfontein se droogte die langste, terwyl Goraas s'n die langste geduur het.

Gepasde verskansing

Volgens die Wereld Voedselprogram is die grootste uitdaging vir die ariede weidingsgebiede van suidelike Afrika 'n verlies aan bedekking as gevolg van droogte en oorbeweidings. Die aanpassings wat gemaak kan word, kan in drie groepe verdeel word.

1. Sien beter om na bedekking, deur bykomend te voer of minder vee aan te hou, of beide
2. Sien beter om na dierewelsyn
3. Diversifiseer uit vee na ander bedrywe en nie-boerdery beleggings of betrekings

'n Boer kan sy veld spaar deur sy vee minder te maak of deur voer aan te koop. In die Sentraal Karoo het die meerderheid produsente 'n kombinasie van die strategieë gevolg. Ongeveer een uit vier het hulle ernstig op voer toegespits, en in die proses hulle voerkoste van R169 tot R608 per grootskaap verhoog. Om so intensief te voer het ook implikasies vir oorhoofse kostes soos brandstof en arbeid, en vir die groot voerders het dit van R444 tot R568 per grootskaap toegeneem. Teen 2019 het die voerdery die meeste produsente se reserwes opgebruik en begin finansieringskoste ook styg, van R52 tot R124 per grootskaap. Die voerstrategie was nie vir almal winsgewind nie, en dit is nog 'n oop vraag aan veekundiges waarom nie.




HARTEBEEFONTEIN
MERINOS

**IZAK NEL
&
SEUNS**

Izak Nel 082 559 7765
Andries Nel 072 109 4930
GB Nel 082 789 7715



VEILINGSDATUMS:

● 19 JANUARIE 2023 - LETSATS GAME LODGE, SMITHFIELD ● 3 MAART 2023 - FRANKFORT

So lyk hulle ... So teel hulle

Is duur fasiliteite die moeite werd?

Is duur hanteringsfasiliteite, skeerplatforms ens die moeite werd. Hoe vêr of hoe groot moet ons as skaapboere meganiseer? Ek ken nie noodwendig die antwoorde nie, maar hier is 'n paar gedagtes.

In 2012 het die NWKV 'n paar van ons die geleentheid gegee om in Australië en NZ skaapboere en proefplase te besoek met die doel om na die nuutste navorsing te kyk en ook na hul hanteringsfasiliteite. Dit was vir my as skaapboer 'n baie leersame toer gewees, maar ek beskou myself glad nie as kenner op die gebied nie. Die proefplase wat ons besoek het, was meestal gefinansier of deur die staat of die wol en vleisbedryf het groot bydraes gemaak. Die navorsing was baie gefokus op genomika, vleissagtheid en meting van gasse wat diere vrystel ens. Ons was ook op 'n proefplaas waar die Aussies navorsing doen en die omstandighede naboots van lewendige skape op 'n skip.

Dit was somer met die eerste plaas wat ons besoek het duidelik dat die duur arbeid die grootste rede of motivering vir hul ontwikkeling in hanteringsfasiliteite en toerusting was. By die proefplase was dit ook die motivering, want gewoonlik was dit net 1 of dalk 2 persone verantwoordelik vir die navorsing wat gedoen moes word, so die regte geriewe was noodsaaklik. Ek beskou myself as 'n praktiese persoon, maar ek het by baie van die plekke gedink, kyk hoe eenvoudig is dit en hoekom het niemand van ons nog daaraan gedink nie. Wat hierdie gedagte nog erger maak is die feit dat van hul fasiliteite meer as 30 jaar oud was.



Ek dink om bogenoemde vraag te probeer antwoord het ons nodig om op 2 fokuspunte te konsentreer. Eerstens hoe kan my kraal, skeergeriewe help om my arbeiders, skeerders op die plaas meer effektief en meer doeltreffend te maak. 'n Tweede fokuspunt is dierewelsyn. Dit word al hoe belangriker in die wêreld waar ons bv. ons wol verkoop.

Ons ouers en grootouers het nie noodwendig in hul tyd nodig gehad om oor die koste van arbeid te dink nie. Klomp gesinne het werk gehad op 'n skaapplaas en werkers se kinders het grootgeword op plase. Die kinders het grootgeword met skape en spontaan geleer hoe werk mens met skape. Vandag is daar min werkers, veral by gemengde boerderye, wat daardie agtergrond het. Dit het 'n invloed op hoe doeltreffend ons skaapplaas se arbeiders is. Arbeidskoste raak al hoe hoër en dit word al hoe groter faktor in skaapboere se begrotings.

Goed opgeleide skeerders raak al hoe minder en Suid Afrika se arbeidswette en die benadering van die regering oor buitelandse werkers gaan dit moeilik maak in die toekoms. Alhoewel daar na die "wolboom" in die vyftigs baie mooi wolgeriewe opgerig is in SA, is hul nie noodwendig prakties vandag nie. Skeerders moet die skape vêr gaan haal om te skeer en weer terugvat. Die mense wat skeeropleiding gee kan die som maak van hoeveel ton vleis hoeveel kilometer 'n dag skeerders skape moet dra. Ek dink dit is nie vêr in die toekoms dat ons 'n premie gaan betaal vir die skeerproses as ons fasiliteite nie op standaard is nie. Dan praat ons nie eers van die RWS'e in die wêreld nie.

Hanteringsfasiliteite is nie noodwendig duur nie. 'n Eenvoudige goed beplande kraal kan baie effektief wees. Faktore wat mens ingedagte moet hou voor jy kraal bou: Ligging van kraal, hoe sentraal, naby skeergeriewe, nodige skuiling uit die wind, is daar koelte of skadunet? Die helling van die kraal, wat gebeur as dit reën? Die rigting van die kraal sonop of sonaf. Naby 'n waterbron, dam of tenk? (kan ek die kraal natspuit vir stof?) Krag vir die nuwe skale en kan ek in die toekoms met nuwe tegnologie uitbrei. Hoe lyk die vloeroppervlak, klip of sementvloer? Aangrensende wag of oornag kampies met water? Diergedrag bv. meeste skape hou van regs draai, van opdraande trek en die son ens. Materiaal wat gebruik word staal / draad. Conveyer belt kan baie effektief gebruik word. Dierewelsyn is belangrik veral by laaigeriewe, drukgange en injaaggange. Deesdae het mens toegang tot baie planne en uitlegte deur al die webblaaië wat mens kan besoek.

Skaapboerdery in Suid Afrika ontwikkel baie vining in 'n presiese boerdery omgewing. Selfs kuddeboere wil nou rekords van elke ooi se reproduksie en produksie eienskappe meet. Tegnologie soos RFID stelsels maak dit moontlik. Groot ooi eenhede en groot plase maak dit meer uitdagend, want jy kan nie net op een sentrale plek 'n ontwikkeling doen nie. Mobiele eenhede is hier die oplossing, alhoewel dit duur is om te begin. Hier moet mens goeie navorsing doen, want nie almal is ewe effektief nie. Kry verwysings van wie die stelsel gebruik en vra uit.

Ons as skaapboere sal moet nuwe tegnologie gebruik, mits dit ons meer effektief maak, arbeid spaar en koste effektief is.

Leroux Fourie, Plaas Cornelia, Brandfort - 083 310 3288

Leroux is ook 'n Merino Stoet boer en sy veiling vind plaas 1ste Augustus 2023 op die plaas.





PDRINO MERINO
Superieure Fynwol • Superior Fine Wool

21ste PRODUKSIEVEILING

21/02/2023

Kontak: PD Jacobs 072 832 9390 Frikkie Strauss 082 772 4557



VRYSTAAT RAM VAN DIE JAAR
RESERWE KAMPIOEN 2022

VRYSTAAT RAM VAN DIE JAAR
KAMPIOEN 2022

KORINGLAND MERINO

765

45^{ste} Produksie Veiling - 16 AUGUSTUS 2023

kwaliteit genetika met blup syfers

VIR MEER INLIGTING KONTAK:

JAN DE VILLIERS 073 415 7754
HENNIE DE VILLIERS 060 367 1308
SIMON MATTHYSEN 082 312 1036
JAN HUGO 082 771 5848



Montevideo (Jordaan) – Frankfort, 22 Jul

Henry Naude (BKB), Deon Stegman (BKB), JD Steyn (BKB), Peet en Patricia Naude (kopers), Iresa Naude (Naude's Nek Merino's), Francois Nel (Tentkop Merino's), Stefan Naude (Naude's Nek Merino's), Andrew Jordaan snr (verkoper).
voor: Danie Strauss (BKB afslaer) en Andrew Jordaan jnr (verkoper). R85 000



Korenhof (Hanekom) – Klipdale, 26 Jul

Abrie Groenewald (Korenhof), Dirk en Nicola Hanekom (verkopers), Kitty Lourens (koper), Pieter du Plessis (BKB), Appie Maritz (BKB afslaer), Cowan Kroukamp (vashouer), Wallies Uys (koper), Pierre Vlok (BKB). R100 000



Korenhof (Hanekom) – Klipdale, 26 Jul

Abrie Groenewald (Korenhof), Dirk en Nicola Hanekom (verkopers), Gert en Issabel Terreblanche (kopers), Pierre Vlok (BKB), Pieter du Plessis (BKB), Sarel Oerson (vashouer). R90 000



Fourie Boerdery – Brandfort, 27 Jul

Henton Minnaar (BKB), Danie Strauss (BKB afslaer), Francois en LeRoux Fourie (verkopers), Boy Mohapi en Rikus van Biljon (BKB). R90 000



Geelbek Elite (Naude) – Middelburg, 27 Jul

Johan Botha (ORV borg), Heinrich Brumm (koper), Eric Naude (verkoper) en JP Marais (BKB afslaer). R24 000



Geelbek Retief – Hanover, 28 Jul

Johannes Retief (verkoper), Monique Retief (verkoper), Marnitz en JT Fourie (OVK namens koper – Johan Rautenbach), Danie Lombard (BKB), Esmarie en Willem Retief (verkoper), Voor: Gert Jordaan (BKB afslaer) en Kleintjie Retief (verkoper). R47 000



Suid-Kaap – Bredasdorp, 28 Jul

Jacques Neethling (verkoper), Stephan vd Westhuizen (OVK), Henk Groenewald (koper), Philip Krynauw, Chistiaan Neethling (verkoper), Appie Maritz (BKB afslaer) en Hendrik Philander (vashouer). R68 000



Suid-Kaap – Bredasdorp, 28 Jul

Wallies en Dirk Uys (verkopers), Dewe Giliomee (BKB, namens koper), Johannes Jacobs (vashouer), Appie Maritz (BKB afslaer). R62 000

SPINE GROVE MERINO STUD

R E G . S T U D 3 4 0

Big plain bodied Merinos

RELIABLE ADAPTABLE

PROFITABLE

PRODUCTION SALE
Tuesday, 24 January 2023



SPINE
GROVE
MERINO STUD
R E G . S T U D 3 4 0

CONTACT PETER CLOETE – Cell: 082 779 3893
DAVID CLOETE – Cell: 066 227 8715
GARY TRETHERWEY – Cell: 082 371 4280



Komarsekraal (Uys) – Bredasdorp, 2 Aug

Ean Nel (BKB), Braam Harris en Thomas Barry (kopers), Dirkie Uys (verkoper), Appie Maritz (BKB afslaer) en Errol Arends (vashouer). R59 000



Charmac (McNaughton) – Graaff-Reinet, 3 Aug

Agter vlnr Geoffrey Joubert, Eddie Prinsloo en Andre de Jager (al drie kopers). Martiens Miggels (vashouer) en Adrian McNaughton (verkoper). Voor vlnr Izak Nel (OVK), Eduard Prinsloo (koper) en Jakkie Nel (afslaer). R70 000



Neuman broers – Vrede, 5 Aug

Daan Cronje (BKB), Andrew Miller (afslaer), Nandie Kruger (kopers), Leonard Neuman (verkoper), Frans Duminy, voor: Pieter Nel (BKB) en Jaco Saaiman (OVK). R80 000



Heuningkrans (Prinsloo) – Smithfield, 10 Aug

JP Marais (BKB afslaer), Bosch Steyn (BKB), Johan Rautenbach (koper), Eduard Prinsloo (verkoper), Johan Fouche (BKB), Jan Joubert (BKB), Eddie Prinsloo (verkoper). R42 000



Oude Muragie (Fourie) – Heidelberg, 18 Aug

Johan, Manie en Marinelle Fourie (verkopers), Aubrey Pietersen (vashouer) en Visser Wessels (koper). R25 000



Gariop superior genetics – Philipolis, 16 Aug

Danie Strauss (BKB afslaer), Schalk Strauss (verkoper), Strauss Jacobs (koper), Freddie Makoko (vashouer), Johan Strauss (verkoper), Frederick Strauss (BKB). R12 000



Moorreesburg Boere, 17 Aug

Boetie Kleinhans (vashouer), Johan Kotze (verkoper), Appie Maritz (BKB afslaer). R33 000



Swartland Merino Prod – Hermon, 25 Aug

Appie Maritz (BKB afslaer), Eben Schellink (verkoper), Boetie en Piet Hamman (kopers), Jan Olivier (BKB), Jan Ernst Terreblanche (Swartland Merino's), Maxwell Isaacs (vashouer). R33 000



SWARTLAND MERINOS

Veiling 24 Augustus 2023
Driefontein, Malmesbury

Eben Schellink
060 5050 991





Saambou – Beaufort-Wes, 25 Aug

Tommy Caldo, Danie Strauss (BKB afslaer), Corne Nel (BKB), Juanita Bellingan (namens koper MJ Herold), Phillip Schutte (BKB), Herman Hugo (verkoper). R19 000



Vrugbaar (Ben Brynard) – Calvinia, 30 Aug

Appie Maritz (BKB afslaer), Johan du Plessis, Johan Kotze, Herman Hugo en Uysie Willemse (kopers), Tina en Ben Brynard (verkopers), Thinus van Schalkwyk (BKB, vashouer). R180 000



Van Pletzen – Jamestown, 31 Aug

Jan vd Walt (BKB), Sandra en Diederik van Pletzen (verkopers), Bryan Muir (koper), Mario Kruger (Vleissentraal), Andre van Zyl (Vleissentraal afslaer). R32 000



Cockscomb – Jansenville, 6 Sep

Danie Strauss (BKB afslaer), Chris Curtain (HoF), Pindy van Deemter (verkoper), Dolf Janse van Vuuren (koper), Samuel Saul. R35 000



Oorlogspoort (van Rooyen) – Noupoort, 8 Sep

Andre van Zyl (afslaer), Chippie Poultney (koper), Pieter van Rooyen (verkoper). R45 000



Preiss & Kock – Frankfort, 09 Sep

Danie de Wet (BKB), Reinhardt Kock (verkoper), Jan Mostert (BKB afslaer), Jaco Saaiman (OVK, namens Erik en Fred Bibby), Doba Kiwidor (vashouer). R32 500



Torenkop (Visagie) – Calvinia, 14 Sep

Danie Strauss (BKB afslaer), JP Symington (namens koper Louise Otto), Andre Hogo (verkoper), Jakob Malgas (vashouer), Thinus van Schalkwyk (BKB). R32 000



Roopoot (Erasmus) – Swaershoek, 28 Sep

Jakkie Nel (afslaer, voor), Jaco Steyn (Vleissentraal), Lorenzo Maart, Francois Norval (koper), Sandre Erasmus (verkoper) en Ryno de Klerk (Vleissentraal). R17 000



STOET NR: 492
SEDERT: 1933

“DEURSTAAN DIE TOETS VAN TYD”

PRODUKSIE VEILING:
Woensdag, 13 September 2023, te Calvinia



BERTIE VISAGIE

Sel: 082 890 7296

e-mail: paardekraal@hantam.co.za

ANDRE HUGO

Sel: 082 596 1746

e-mail: andre.daleen@gmail.com



Farmer Van As dreamed about breeding me. He and Uncle Kobus Louw from BKB came up with a plan...



Together they decided on the best sheep. My mommy and daddy have the softest, whitest wool in the whole county.



There I was! Born in spring, along with lots of other little lambs. We played all day long.



Farmer Van As took very good care of us. We had a warm place to sleep and the best-est food to grow!

WORD-SEARCH

ADVISOR
BARN
BKB
BLUE
BREEDING
EWE
FIELD
FLOCK
GRAAFF
HAY
LAM

MARSHMALLOW
MERINO
ONE
QUALITY
RAM
REINETTE
RIBBON
SHEEP
SPRING
WHITE
WOOL
YEAR

P R U A J Q P K M R M N Y H J O P Y S T U N X Y J E Y H C L
Y P Z D V O V P E H E J T L R G B H M K O S C T T U N E X V
P K K V H X X S Q U C I D M U T E H Q B M Q Y I K L M R A R
V E T I H W U R A O L O N Z K E W W B Y F Y R L G B X Y A R
P E W S Y A H G R A A F F E P Z O I S O B K W A I G B Z R B
K U E O L N O R F P C J K D T L R P P N S M V U M D K O H T
A V D R U O C V X P Y Z F X L T R B K I N K E Q U E B N G K
K K M B N K W Y J D Z I A A Z I E R V R K L S K W W V V G V
L V U O N E T Q V T E F M U N B P E D E A C Q E Z E M Q M X
J T B E T U Z J Y L L H K G F B F E L M K C O L F Q D B L S
W G M D C F A Y D J S F B V Q N C D W O N C J X M P G V Q N
Y T G X J U L E Q R Z T T L Y Y L I W T O O W C I O B S G H
L S F Y R D D R A D P Q U V N S K N R T M W D A H F N J O E
P V Z W H X D M Z Z X L K N P E I G Z Y D I V V V J J J G I
X V N V O X L P O F L A M R M E U J Y X H I E P U U C O M R

One year later...



Then one day, Farmer Van As and Uncle Kobus spent quite some time with each of us. At the end he said, "This one is special."




Then, the National Merino Day came! Our date with BKB! Five hundred and fifty kilometres we traveled that day. All the way from Swellendam to Graaff Reinet.

Let's have a look at the wool... White as snow? Check!



Soft as marshmallows? Check!



Fine as silk? Check!



Congratulations, little lamb! You are a 'blue ribbon' Merino ram!



SPOT AT LEAST 5 DIFFERENCES



Merino Advisors Course

Dr WJ Olivier

The Merino Advisors course that was presented in the past (before 2022) basically only dealt with the guidelines of the Merino Plan. During the August 2021 Merino SA Technical Committee meeting, this situation was discussed and the Manager of Merino SA was requested to arrange a workshop to discuss the content of the 2022 Merino Advisors course. This workshop took place during April 2022 and the aim of the workshop was to ensure the development of a tool for Merino breeders and advisors to genetically improve the Merino breed through breeding plans and selection based on scientific principles.

At the workshop, it was therefore decided that the aim of this course must be to ensure that the breeders and advisors are equipped with the necessary skills to select replacement animals on performance testing results. In order to achieve this aim, the course content must ensure that attendees know how to collect relevant performance testing data, understand the results obtained from performance testing and most importantly know how to use these results during selection. Subsequently, the course is divided into a theoretical and practical part, whereas in the past it was only theoretical.

The theoretical part is unpacked into three main sections, namely an introduction to the advisors course, small stock breeding in practice and the Merino Plan guidelines. With the introduction to the course, attendees are given an overview as to what are the objectives of this course and what is expected of



advisors and breeders to successfully complete the course. Following on this, a short description of the history of performance testing is discussed, as well as the importance of performance testing in the genetic improvement of livestock, to ensure improved production and reproduction. The introduction to the course is ended with a section that give an outline of the role of the Merino Plan and the National Small Stock Improvement Scheme (NSSIS) within the breed improvement of the Merino breed.

The part on small stock breeding in practice is divided into seven (7) sections starting with selection and selection objectives. The aim of this section is to highlight the importance of selection objectives and the selection processes in performance testing. This is done through a discussion concentrating on the following principles:

1. What is selection?
2. What is a selection objective and why is it important?
3. The difference between selection objectives and criteria
4. Types of selection and the effect of selection
5. When can selection be performed?
6. Interactions between traits and the effect on selection
7. Demonstration on how to select animals on estimated breeding values (EBVs).

An important part of selection of replacement animals is an understanding as to which traits can be included in a selection program. It is explained that it is always important to ensure that only traits that are economically important are included in selection programs. In other words, traits that will ensure that the profitability of a flock is increased through better production and



reproduction. The importance of the inclusion of reproduction in any selection program for small stock is emphasised.

The differences between indices and estimated breeding values (EBV) are explained in the next session. This includes an explanation that an index is a phenotypic value which is an indication of an animal's performance as deviation from the average of its contemporary group, while an EBV is an indication of its genetic value as a possible parent for the next generation.

Part of the discussion on EBVs is the use and interpretation of the relevant economic values (REV) that is included in the EBV report. During this section an overview of the methodology behind the calculation of the REV is given. This includes a discussion on the inclusion of the wool and mutton prices in the calculations, and the use of relevant cost factors to calculate the formulae. The discussion on EBVs is ended with an explanation as to the use of a base year and its importance when EBVs are interpreted.

During the next section the role of the inclusion of the genotypes from the reference population with regard to Mendelian and additive traits is discussed. The availability of these genotypes has made the estimation of genomically enhanced estimated breeding values (GEBVs) possible. The advantages and selection based on these GEBVs are discussed, as well as the influence on the accuracy of selection. A brief overview of the information that has become available on a few mendelian traits since the start of genotyping of Merino sheep is given.

The last part of small stock breeding in practice is the demonstration on how to select animals on EBVs and the interpretation of catalogue information. The importance of selection, as well as culling animals on production and reproduction performance, is discussed. In other words, it is emphasised that animals that do not meet the selection criteria should be culled and handled in the same manner as an animal with subjective faults.

The calculation of the selection differential after selection and before mating is the most important calculation that breeders or advisors must perform. It is therefore included in the demonstration as to why it is important and how to do the calculations. Several examples are explained and demonstrated, to make sure that the definition is understood and that attendees are comfortable with performing this calculation. After the demonstration, the attendees are given a tutorial where they are required to select breeding sires from a dataset and to calculate the selection differential for the sire group that they selected.

In the last theoretical section, the Merino Plan guidelines and the recording of data are discussed. The Merino Plan is divided into three parts, namely basic performance testing, veld ram clubs and participation in the BLUP of EBVs. This part of the course is structured in such a manner that the guidelines of the different parts build onto the previous part. The corner stone of the Merino Plan is the guidelines for participants to the NSSIS that will only do basic performance testing, which means they only submit body weights and/or wool samples to obtain index values for a group of animals. The guidelines for this part deal with the minimum and maximum standards with regard to animal age for body weight recording and length of wool growth, as well as the size of wool samples.

The above mentioned guidelines for wool growth are also relevant for participants of Merino veld ram clubs. The added guidelines for veld ram clubs describe the process that must be followed with the adaptation period, as well as to the start of the growth test. This includes the minimum allowed age of animals, age difference within the group tested, body weight boundaries, as well as the minimum length of the adaptation period, growth



phase and wool growth. The guidelines with regard to the awarding of merit rams for veld ram clubs are also discussed.

The additional guidelines for participants of the BLUP analysis deal with the correct method to identify animals and the additional data that must be recorded. The additional data includes the pedigree of the animals, data with regard to weaning weight, and subjective traits at performance testing age. Guidelines are also given with regard to the age range for the recording of weaning and performance testing age, as well as the awarding of merit rams. The Merino Plan is ended with discussion on the different data forms that must be submitted from mating to performance testing. This concludes the theoretical part of the advisors course.

The aim of the practical part of the course is to give attendees the opportunity to use the theory that was learned in practice to select replacement sires. A group of ± 25 rams are presented to the attendees from which they must select 4 breeding sires according to specific selection objectives. The attendees must make sure that the selected sires will improve the selection objectives, as well as that these sires have no subjective cull faults. After selecting the sires, the selection differential must be calculated, and if the selection objectives are not achieved, then the attendee will need to select other sires. After completion of the selection and calculations, a report must be submitted that forms part of the final mark of the Merino Plan.

The evaluation of the theory is done with an online test on all of the theory presented during the course. This test is written approximately two weeks after completion of the advisors course.

The successful completion of this improved advisors course will ensure that breeders and advisors have the necessary skills to improve the production and reproduction of Merino sheep through selection of replacement animals on scientific principles.

Dr WJ Olivier
Grootfontein Agricultural Development Institute
WillemO@dalrrd.gov.za

Werk BLUP regtig?

Dr Bernice Mostert

Best Linear Unbiased Prediction (BLUP) is kragtige metodologie waarmee die genetiese meriete van ons Suid-Afrikaanse vee-rasse voorspel word. Dit is reeds in die 1950s ontwikkel deur Charles Roy Henderson en sy studente, maar die akroniem BLUP is eers vanaf 1962 gebruik toe BLUP-tegnologie geïmplementeer is vir die voorspelling van die genetiese meriete van diere en toepassing in seleksie-programme. Vir baie jare word hierdie metodologie wêreldwyd gebruik in die teelprogramme van melk- en vleisbeeste, kleinvee, varke, perde, honde, visse en selfs boom-teling vir akkurate identifisering van meerderwaardige individue as ouers van die volgende generasie.

Maar waar kry BLUP sy naam vandaan:

Van alle moontlike lineêre prosedures wat beskikbaar is vir die beraming van teelwaardes is BLUP die beste metode, omdat dit onsydig (*unbiased*) is met minimum (residuele) variansie – gegewe dat die analitiese (wiskundige) model wat gebruik word korrek voorsiening maak vir alle betekenisvolle omgewings- en genetiese invloede.

BLUP maak optimaal gebruik van alle inligting van 'n individu en dié se verwantes en korrigeer gelyktydig vir sistemiese verskille soos ouderdom van meting, ouderdom van die moeder, kudde, seisoen van lamming, geslag van die dier, geboorte- en grootmaakstatus en bestuursverskille. Met voldoende koppeling wat tussen prestasie-data bestaan, kan geldige vergelykings tussen die teelwaardes gedoen word vir diere wat in verskillende kuddes, seisoene en jare gemeet is, selfs al is die ras se datastruktuur baie ongebalanseerd. Hierdie koppeling kan direk van aard wees, bv. binne-kontemporêre groep vergelykings of indirek, deurdat diere in verskillende kontemporêre groepe met mekaar gekoppel is via 'n gemeenskaplike ouer (of verskillende ouers wat verwant is aan mekaar).

Genetiese verwantskappe tussen diere dra betekenisvol inligting by tot die beraming van teelwaardes en word in BLUP ingesluit deur middel van 'n Verwantskapsmatriks. Dit het ook tot gevolg dat die genetiese tendens wat in 'n ras plaasvind, in ag geneem kan word. Insluiting van voorouers se inligting in 'n BLUP ontleding te same met die Verwantskapsmatriks, verseker verder dat BLUP voorsiening maak vir die korrekte hantering van nie-ewekansige parings (bv. voorkeur-parings).

In kort is die kenmerke van 'n BLUP ontleding dus die volgende:

- Optimale gebruik van inligting vanaf alle verwantes.
- Korrigerende van verskille in vaste effekte soos kudde, jaar, seisoen, geslag, grootmaakstatus, ouderdom ens.
- Inagneming van die oneweredige gebruik van ramme in verskillende kuddes.
- Vergelyking oor kuddes en seisoene gegewe dat voldoende koppelings bestaan.
- Inagneming van uitskot en seleksie van diere, asook nie-ewekansige parings.
- Toelating van akkurate seleksie van diere



oor ouderdomsklasse.

- Beraming van genetiese verandering wat in die ras en deelnemende kuddes plaasgevind het. BLUP tegnologie is in die 1980s in Suid-Afrika geïmplementeer. Die eerste genetiese BLUP-ontleding wat vir skaaprasse ontwikkel is, is die binne-kudde ontledings vir die wolrasse wat in die laat 1990s na 'n binne-ras genetiese ontleding oorgeskakel is vir die beraming van teelwaardes. Hierdie tegnologie is deur verskeie prominente telers wat die potensiaal raakgesien het om diere op grond van teelwaardes te selekteer, aangegryp.

In 2012 het navorsers van Grootfontein Landbou Kollege en Wes-Kaap Departement van

Landbou (WJ Olivier en JJ Olivier) besluit om te toets of BLUP se voorspellings wel sin maak, deur semen van 'n Merino ram wat sterk in die 1980s gebruik was (Poena, 2150-28-3, gebore in 1984) in twee kuddes te gebruik en die nageslag te vergelyk ten opsigte van hulle fenotipiese metings met die nageslag van twee aktiewe ramme (Jood, 2323-08-0931 en Sneller, 801-08-7114) wat dan ook in dieselfde kuddes saam met Poena aan die projek deelgeneem het. Vyftig ooie elk is toegeken aan Sneller en Jood in beide kuddes en die ooijies is kunsmatig bevrug met vars semen van die twee ramme. 'n Verdere dertig ooie van elke kudde is laparoskopies geïnsimineer met Poena se ontdooide semen, wat deur die verantwoordelike veearts beoordeel en as goeie kwaliteit geklassifiseer is. Die ooie wat aan die projek deelgeneem het, was aan die gewone bestuurs- en gesondheidsprogramme van die kuddes blootgestel en het saam geloop, behalwe met lamming.

Poena was een van die top ramme van sy tyd. Sy teelwaardes, soos gepubliseer in die Ramsem Joernaal van 1985, was 7.04 kg vir liggaamsmassa (LM), 0.39kg vir skoonvagnmassa (SVM) en 0.28µm vir veseldeursnee (VD) met 'n Ekonomiese Waarde van R33.70. Die teelwaardes vir die drie ramme vanuit die 2012 Genetiese Ontleding word in Tabel 1 aangetoon:

Tabel 1: Teelwaardes van die ramme vanuit die 2012 Genetiese Ontleding.

Ram	LM (kg)	SVM (kg)	VD (µm)	SL (mm)	TWW (kg)	EKW (R)
Poena	-3.78	-0.08	0.65	-0.00	-1.79	-18.60
Sneller	1.69	0.23	-1.90	5.95	2.97	39.49
Jood	7.06	0.11	-0.96	11.62	1.64	39.21

LM=Liggaamsmassa, SVM = Skoonvagnmassa, VD=Veseldeursnee, SL = Stapellengte, TWW=Totale Gewig Gespeen, EKW = Ekonomiese Waarde

In 2012 was Sneller tweede op die CMW Nasionale Vader Lys en Jood was derde en beide se teelwaardes is baie beter voorspel as dié van Poena vanuit die 2012 Genetiese Ontleding. Maar hoe het hulle nageslag se metings met mekaar vergelyk? Die nageslag van Poena was betekenisvol kleiner, met minder, korter en sterker wol in vergelyking met die nageslag van die ander 2 vaders. Die navorsers wat hierdie studie gedoen het, het tot die slotsom gekom dat ramme met akkurate prestasie-toets data 'n positiewe invloed het op die produksie-potensiaal van hulle ras. Hulle het verder stoettelers en kommersiële produsente aanbeveel om beraamde teelwaardes te gebruik as seleksie-hulpmiddel in

hulle kuddes. Hierdie word bevestig deur 'n studie van Olivier & Snyman (2011), wat wys dat die akkuraatheid van seleksie 30%+ hoër is deur seleksie van diere op teelwaardes in plaas van metings-indekse te baseer.

Vir interessantheid word die teelwaarde- en fenotipiese gemiddeldes vervolgens aangedui vir die aktiewe diere van die Merino ras wat se EKW onder 1 standaardafwyking vanaf die gemiddeld (EKW<88), binne 1 standaardafwyking vanaf die gemiddeld (EKW 88-111) en bokant 1 standaardafwyking vanaf die gemiddeld (EKW≥112) is. Die Relatiewe Ekonomiese Waarde (EKW of REV) is deur die Grootfontein Navorsingsinstituut ontwikkel vir die SA Merino ras as 'n seleksie-indeks wat produksie en reproduksie eienskappe kombineer, gewee volgens hulle ekonomiese belangrikheid. Dit word uitgedruk in Rand/Kleinvee-eenheid en dien as 'n seleksie-hulpmiddel om toekomstige teelmateriaal te identifiseer wat 'n positiewe effek op die winsgewendheid van die boerdery-onderneming sal teweegbring. Die indeks word deur middel van ekonomiese simulaties wat op 'n 5-jaar rollende gemiddeld van wol- en vleispryse gebaseer is, saamgestel. Die ekonomiese gewigte word jaarliks in September maand aangepas. Hierdie Indeks is sedert 2008 beskikbaar gestel aan Merino telers as die amptelike teelbeleid van die SA Merino Genootskap. Tans word die EKW as volg saamgestel:

$$EKW = -2910.32 + 3.255 EBV_{LG} + 118.73 EBV_{SVM} + 1.37 EBV_{SL} - 325.43 EBV_{VD} + 7.258 (20+EBV_{VD})^2 + 7.695 EBV_{TWW}$$

In Fig 2 word die gemiddelde genetiese vlakke van al die eienskappe waarvoor teelwaardes beraam word, aangedui vir die ondergemiddelde, gemiddelde en bo-gemiddelde vlakke van die EKW.



Fig 2: Gemiddelde genetiese vlakke (teelwaarde indekse) van aktiewe Merino's wat se EKW < 88, EKW 88 – 111 of EKW ≥ 112 is.

Hieruit kan gesien word dat die diere met EKW ≥ 112 se genetiese vlakke vir Speen Direk, Aantal Lammers en Totale Gewig Gespeen, Liggaamsgewig, Skoonvagnmassa, Veseldeursnee, Stapellengte, Wolpunt en Bouwvorm Punt die beste is van die drie

EKW-groepe wat vergelyk word. Vir Speen Maternaal is die EKW ≥ 112 groep se genetiese gemiddeld egter effens laer as die ander twee groepe s'n, terwyl vir Ouderdom 1ste Lam dit op dieselfde gemiddeld is as vir die EKW < 88 groep en vir Interlam Periode dit die laagste (langste ILP EBV vlak) is van die 3 groepe.

Wat betref die fenotipiese vlakke van die diere in hierdie indeksgroepe, sien dit as volg daaruit:




Fig 3: Fenotipiese vlakke vir Speengewig, Totale Gewig Gespeen en Liggaamsgewig vir diere met EKW < 88, EKW 88 – 111 en EKW ≥ 112.

Diere met EKW ≥ 112 is dus gemiddeld 3.1kg swaarder op speen as diere met EKW < 88, speen gemiddeld 10.8kg swaarder lammers en weeg gemiddeld 6kg swaarder as diere met EKW < 88.




Fig 4: Fenotipiese vlakke vir Ouderdom 1ste Lam en Interlam Periodes vir diere met EKW < 88, EKW 88 – 111 en EKW ≥ 112.

Diere met EKW ≥ 112 se Ouderdom 1ste Lam (720.1 dae) is gemiddeld 9.9 dae vroeër as die diere met EKW < 88, terwyl Interlam Periode gemiddeld dieselfde lengte is vir diere met EKW ≥ 112 as vir diere in die EKW < 88 groep.




Fig 5: Fenotipiese vlakke vir Skaanvagnmassa en Stapellengte vir diere met EKW < 88, EKW 88 – 111 en EKW ≥ 112.

Vir skoonvaggewig is die diere in die EKW ≥ 112 groep se vaggewig gemiddeld 1.1kg swaarder as die diere in die EKW < 88 groep, terwyl vir Stapellengte die diere se vesels 8.3mm langer is.




Fig 6: Fenotipiese vlakke vir Veseldeursnee vir diere met EKW < 88, EKW 88 – 111 en EKW ≥ 112.

Diere in die EKW ≥ 112 groep se gemiddelde veseldeursnee is 1.3µm fyner as diere in die EKW < 88 groep.




Fig 7: Fenotipiese vlakke vir Wol- en Bouvorm Punte vir diere met EKW < 88, EKW 88 – 111 en EKW ≥ 112.

Ten opsigte van Wol- en Bouvorm Punte verskil die diere in die verskillende EKW groepe se fenotipiese gemiddeldes nie baie van mekaar nie.

Selfs met die gebruik van ongekorrigeerde metings kan dus gesien word dat die hoë EKW-waardes grootliks die meerderwaardige diere uitlig, soos wat die ras se teelbeleid voorskryf.

Slotsom

BLUP word gesien as een van die belangrikste ontwikkelings in diere-verbetering. Aanvanklik was die potensiaal van BLUP aan bande gelê deur rekenaar-kapasiteit en kostes, wat vandag nie meer 'n probleem is nie. Dit is hoekom, in die Genomiese Era waarin ons vandag lewe, die voorspelling van Genomies Verrykte teelwaardes steeds op BLUP metodologie berus. Meeste lande maak steeds van G-BLUP metodologie gebruik vir die insluiting van genomiese inligting in die voorspelling van diere se teelwaardes. Die bou-blokke van BLUP bly dieselfde, metings binne kontemporêre groepe en aangetekende stamboom-inligting, maar 'n Genomiese Verwanskapsmatriks vir die gegenotipeerde diere word nou ook in BLUP ingesluit wanneer Enkel-Stap Genomiese BLUP Ontledings gedoen word.

Verwysings

Olivier, W.J. & Olivier, J.J., 2015. Comparison of the performance of progeny from a Merino sire extensively used in the late 1980s and two widely used Merino sires in 2012. Grootfontein Agric, 15, 20-26.

Olivier, W.J. & Snyman, M.A. 2011. Interpretation and application of performance data testing. Grootfontein Agric, Volume 11(1).

The Immediate Impact of Genomics on Unproven Rams

With the recent roll-out of Genomic services for the SA Merino Breed Society at SA Stud Book, breeders unfamiliar with genomics and genomically enhanced breeding values (GEBVs) must be scratching their heads and wondering what the advantage of genotyping young, unmeasured and unproven animals truly is. This short article will hopefully illustrate the impact that genotyping a young animal has on its breeding values, as well as the implications it can have on a breeders' selection list.

The SA Merino genomic population currently comprises of over 2000 animals across seventeen different flocks. Over 90% of the genomic population is comprised of ewes with multiple progeny and daughter records, with some animals born as far back as 2000, contributing to the genetic diversity within the reference population. This allows the BLUP analysis to make connections between genetically related animals that the traditional pedigrees are unable to make and thus aids in accurately predicting an animal's genetic potential not just from animals it is directly related to.

Apart from accurate parentage and knowing the status of specific single-gene mutations, how does genomics benefit the breeder's ability to more accurately select his top animals. Research on genomics in beef and dairy cattle, as well as small stock breeds, indicates that genomics has the biggest impact on traits that are lowly heritable, sex-limited and are only measured later in life. In Table 1 the accuracies of the different traits are indicated for three rams born in 2021, who have been measured for weaning weight and participated in wool testing, but have not sired progeny yet.

Table 1: Accuracies of traits in the BLUP genetic evaluation and comparing a genotyped animal to two animals that are not genotyped.

Trait	Ram 1 (G)	Ram 2	Ram 3	Average Difference
Wean Direct	70	63	61	+8
Wean Maternal	56	39	35	+19
Age at First Lambing	56	39	34	+19
Inter-Lamb Period	51	25	20	+28
Total Weight Weaned	54	35	30	+21
Fibre Diameter	81	79	82	+1
Wool Score	47	5	60	-

None of these animals' parents have been genotyped and only Ram 1 has been genotyped. Rams 1 and 2 were born in the same flock, share the same sire and have dams that are half-sisters who share the same sire. Animal 3 comes from a completely different flock with different breeding objectives and depths of measurements and is included for a better comparison.



Wean Direct, has a small gain in accuracy for Ram 1 in Rams 2 and 3. This can be linked to the fact that all three animals are already measured for this trait, as well to the trait's moderate heritability. The same inference can be made about Fibre Diameter, which is the most highly heritable trait measured in the SA Merino.

Ram 3 has the highest accuracy for Wool Score, as his wool was scored at the wool test he participated in. Rams 1 and 2, however, did not have their wool scored during the test. Animals without wool scores and whose parents have no wool scores have an accuracy of around 5%. Ram 2's accuracy reflects this, but Ram 1's accuracy is 44% although he is in the same situation as Ram 2. His accuracy is higher

due to his genomic profile linking with other animals from other flocks that are also genotyped, are genetically related and themselves have wool scores.

If we look at the lowly heritable, sex-limited traits, like Age at First Lambing (AFL), Inter-Lamb Period (ILP) and Total Weight Weaned (TWW), Rams 2 and 3's accuracies are dependent on their mid-parent values. As these animals are male, they are unable to express these traits and their accuracies traditionally increase only once their daughters lamb and successfully wean their offspring. This prevents breeders from potentially identifying a young ram based on his fertility due to his lower accuracies. Ram 1 has been genotyped, however, and due to the large female proportion of the reference population (which was measured for these traits), the accuracies of all three sex-limited traits are over 50% for this ram. The biggest gain is seen in ILP, as this measurement requires a ewe to lamb twice in succession before the first record for the trait becomes available.

In summary, genomics has an immediate impact on the accuracy of young animals' breeding values, especially for sex-limited traits, and the above example points to this evidence. This will allow breeders to select younger, unproven rams to breed with that extra security of knowing what the actual genetic potential of this animal really is, thereby increasing the rate of genetic improvement.

